

MEER AS SALOMO IS HIER



Dankie, baie dankie. Amen. Baie dankie.

² Dit was baie gaaf van julle almal. Na julle toe gekom, soos ek vanmôre gesê het, moeg en uitgeput, ek het skaars 'n dag af gehad van Kersfees af. En dan, vertrek ek huis toe om drie-uur in die oggend, kom by die huis en laai my motor af, omtrent twee ure, en vertrek weer reguit terug na Philadelphia, om Sondag daar te begin. So, dis net die heeltyd aan die beweeg.

³ Nou, ek weet julle is . . . julle het . . . Ek sien julle het waaiers, as julle net die elektrisiteit het om dit te laat werk. So dis baie warm, en ek sal net so kort wees as wat ek kan met die boodskap, en reguit begin bid vir die siekes.

⁴ Daar is geen manier vir my om uit te druk hoe ek hierdie besoek hier waardeer aan Southern Pines, en ons—ons samewerking wat Broer Thomas, en hulle, al die ander samewerkende predikers van al die verskillende denominasies, en aan julle mense nie. Ek waardeer dit beslis. Dit was vier dae wat gou gegaan het. Julle het 'n pragtige landstreek, lieflike mense; 'n volk is wat die land maak wat dit is. Maak nie saak hoe warm dit sou word of wat nie, as julle gawe mense daar het, is dit 'n mooi land, dis wat dit maak. En dis mense wat ek verwag om 'n Ewigheid mee saam te spandeer.

⁵ Ek is uitgenooi na julle huise toe, ek wens ek kon kom. Ek weet elkeen van julle het die beste kok wat daar in die land is, en ek sal baie graag wil uitkom, en—en middagete saam met julle eet, en dit geniet om te sit, en 'n paar uur met julle te praat. Ek kan dit nie doen, net op hierdie klein besoekie soos hierdie nie.

⁶ En dan, baie mense dink dat ek 'n isolasionis is, ek is nie 'n isolasionis nie, nee, maar ek kan nie 'n dienskneg van Christus en 'n dienskneg van die mens terselfdertyd wees nie, so ek moet myself eenkant hou in gebed, en bepeinsing, om my beste te wees op die preekstoel.

⁷ En ek is skaam dat ek baie vermoeid moes kom. Soos ek julle nou die dag gesê het, ek het twintig pond gewig verloor van Kersfees af, daar's my baadjie, sien, en ek—ek kan dit regtig sê. En nie soveel fisies uitgeput, as wat dit verstandelik uitgeput is nie, was net genesingsdienste, meeste van die tyd. Ek het twee aande daarvan hier afgesny, sodat ons 'n bietjie kan kry, net 'n bietjie rus om op te maak.

⁸ En die ander een is die Christen Sakemanne se Konvensie, nou, Sondagmiddag is in Filadelfia by een of ander groot tabernakel, sitplek vir 'n paar duisend mense, ek moet Sondagmiddag 'n diens daar hou. En Maandagaand by die

konvensiesaal, maak ek die Christen Sakemanne se Konvensie oop, vir die wêreldwye konvensie. Bid vir my, ek het regtig julle gebede nodig dat God my sal gebruik en my help om Sy dienskneg en julle broer in die Woord te wees.

⁹ Nou, Billy het 'n rukkie gelede gesê, dink ek, dat, toe ons ingekom het, dat hulle 'n liefdesoffer vir my opgeneem het. Dit was nie eintlik nodig nie, ek—ek's jammer ek moet dit selfs aanvaar, maar ek het hulle nooit gevra om dit te doen nie, ek het nooit gekom vir daardie doel nie. Ek's 'n arm man, ek het geld nodig om van te lewe, en mee te werk, en my bedrywighede is klein, ek het my dienste baie nederig gehou.

¹⁰ Ek was op die veld voor Broer Roberts. Broer Roberts het na my diens toe gekom, ek was in Kansas Stad, Kansas, en hy was in Kansas Stad, Missouri, in 'n klein, verslete tentjie daar oorkant, net 'n handjievul mense, hy het gekom, een aand aan die kant gesit. Ek het hom agter in die saal ontmoet, ons het ons foto's saam, hy het gesê: “Dink jy God sal my gebed vir die siekes hoor?”

Ek het gesê: “Hy sal enigiemand se gebed hoor, Mnr. Roberts, dit opreg sal wees.”

¹¹ Mnr. Roberts is 'n slim man, vier jaar van sielkunde, en 'n goeie geleerdheid, slim en uitgeslape, hy weet hoe om dinge te hanteer; God kan hom gebruik. En hy het uitgegaan, en nou het hy regtig 'n groot werk oor die nasies.

¹² En, nou, God wou my nie toelaat om dit te doen nie, eerste plek, het ek nie die geleerdheid nie, ek het skaars enige geleerdheid, en so toe, kon ek nie dit doen nie. Ek het geen sielkunde nie, ek het nie eens 'n laerskoolopleiding nie, net die sewende graad, so ek—ek kon niks soos daardie doen nie, God het dit geweet. In plaas van my dienste te laat uitbasuin. . . En daar is baie geleenthede vir my gegee, maar tog voel ek dat God nie wil hê ek moet dit doen nie.

¹³ Nou, hoe kan ek hiernatoe kom, en miskien vier aande, en ek sou my voorstel, ek weet nie, maar ek kan my voorstel almal van ons is arm mense, omtrent 'n tweehonderddollar liefdesoffer sou net omtrent voldoende wees.

¹⁴ Hoe kon Oral Roberts hier bly vir twee aande of vier aande, met 'n tweehonderddollar liefdesoffer? Nie omdat hy nie wou kom nie, maar hy kan nie kom nie. Hy het homself onder sulke verpligtinge geplaas, dat dit hom omtrent seweduisend dollar per dag neem om mee te werk, elke dag in die week. Laaste wat ek gehoor het was seweduisend, nou waarskynlik meer as dit, met sy baie ander televisiestasies. Hy kon nie hiernatoe kom nie, hy sou dit graag wou doen.

¹⁵ Oral Roberts is 'n goeie man, ek ken hom, en hy sou—hy sou hiernatoe kom met sy hele hart, maar hy kan dit nie doen nie. En wanneer julle—julle hom nooi, en hy sê: “Ek kan dit nie doen

nie, moet *soveel* honderd kerke wees wat saamwerk,” bedoel hy dit nie om ongevoelig te wees nie, hy bedoel dat hy dit nie kan doen nie, hy’s onder so ’n verpligting.

¹⁶ Maar julle sien, ek het nog nooit my bediening so laat raak nie, dis baie klein. My verpligting is omtrent ’n honderd dollar per dag by my kantoor; huis, is omtrent ’n honderd dollar per dag, so daarom kan ek na enige plek toe gaan. En dan, as die Here wil hê ek moet preek voor ’n honderdduisend, vyfhonderdduisend, lê Hy dit net op iemand se hart, en hulle stuur my. So ek hoef nie bekommerd te wees oor enige geld nie. Het niks nodig nie, so ek hoef my nie daaroor te bekommer nie. So, ek’s . . .

¹⁷ Laat ons sien, ek het onlangs ’n verjaarsdag gehad, en ek was, ek dink ek was vyf-en-twintig of net ’n bietjie daarby verby. Ek is gebore in 1909 dit sou my ’n bietjie maak, omtrent vyf-en-twintig, sou dit nie? Net ’n bietjie oor. Nege-en-veertig. So ek is al, sewe-en-twintig jaar, in die bediening, en het nog nooit in my lewe ’n offerande opgeneem nie. Ek was vir sewentien jaar die pastoor gewees van die Baptiste Kerk, en nooit ’n pennie salaris ontvang, of die hele tyd ’n offerande opgeneem nie, gewerk as ’n staatswildbewaarder in Indiana, en my lewe gemaak. Nooit in my hele lewe ’n offerande opgeneem nie.

¹⁸ Ek onthou een aand, ek vertel dit gewoonlik, veral, wanneer my vrou nie by is nie, dat ek ’n punt bereik het waar ek nie kon uitkom nie. Het julle ooit daardie punt bereik? Sekerlik, ons almal kom daar. En ek het gesê: “Skat, ek gaan ’n offerande opneem vanaand.”

Sy het gesê: “Ek sal soontoe gaan en jou dit sien doen.” En sy kry haar sitplek en gaan sit.

¹⁹ Nou, nie dat mense dit nie sou doen nie, sekerlik, hulle sou, hulle sou my enigiets gee wat hulle het. Maar ek was jonk, en ek—ek het net Woensdag en Sondagdienste gehad, en ek, dis al, ek—ek het nie . . . Ek kon werk, so waarom nie werk, en nie onder ’n verpligting wees van . . . hulle onder ’n verpligting plaas nie? Al die geld wat ek het, sit ek reguit in die kerk, alles behalwe my lewenskoste.

²⁰ En so, het ek gegaan, vir die ou diaken van die kerk vertel, ek het gesê: “Gaan, haal my hoed, Oom Jim.” Ons het nie eens ’n kollektebordjie of niks gehad nie, het nooit een in die kerk gehad nie. Ek het gesê: “Gaan haal my hoed, ek gaan ’n offerande opneem.”

²¹ Ek het gesê: “Mense, ek’s by ’n klein moeilike plekkie, ek . . . As julle ’n paar sent het wat julle in die kollektebordjie sou gooi, ek—ek het ’n verpligting van omtrent vyf dollar, en ek—ek kan dit nie bekostig nie.” Ek het gesê: “As julle my sou help, sou ek dit waardeer.”

²² En Oom Jim het my hoed gaan haal. Daar was ’n klein, ou vroultjie wat altyd voor my gesit het, sy het een van daardie

voorskote aangehad wat die sak aan die binnekant gehad het. Het julle al een gesien? Sekerlik, julle suidelike moeders.

²³ My ou oma het altyd 'n ou rietpyp daarin gedra, sy sou gaan sit en dit in haar sak sit soos *daardie*. Hoeveel het al ooit een van daardie ou klein, ek glo dit was klei, of *so-iets*, waarvan die pyp gemaak is, en 'n lang riet gehad, wat die ou oumas altyd gerook het? Myne het. Sy wou nie dat een van die, geen van die mans haar sien rook nie, so sy sou dit in daardie binnesak wegsteek, waar sy haar tabak gedra het. Sy sou dit daaronder hou, en so met die man praat, en daardie ou pyp het amper haar vinger verbrand. En so sou sy . . .

²⁴ En hierdie klein, ou vroujie het een van daardie voorskootjies gehad, en sy het haar hand daar ingestee, en een van daardie ou beursietjies gekry wat bo oopklap, daar onderin begin soek vir 'n paar tiensente. Broer, ek kon dit mos nie vat nie. Wel, dit sou my my hele lewe lank gepla het. "O," het ek gesê: "ek het julle net geterg, ek het dit nie bedoel nie."

Die ou kêrel, wat daar gestaan het met die hoed in sy hand, hy het gesê: "Wat moet ek doen, Broer Branham?"

Ek het gesê: "Ek—ek het net geterg om te sien wat julle sou doen. Hang my hoed op."

²⁵ En daar was 'n ou man, wat altyd 'n fiets gery het, van Dowagiac, Michigan, met die naam van Ryan, ou Broer Ryan. As ek vanaand sou vra, het baie van julle hom miskien geken, goeie vriend van my. Hy het op 'n ou fiets gery daaronder. En ek het altyd gesê dit was afvallig, maar dit was nie afvallig nie, dit was gedaan. En hy—hy het dit vir my agtergelaat, en ek het na die tien-sent winkel toe gegaan, het twee blikkies verf gekry, en dit twee verskillende kleure gevef, en 'n kennisgewing daarop gesit: "Te koop vir vyf dollar," die ou fiets verkoop, toe in elk geval nie 'n offerande hoef op te geneem het nie. Dis die naaste wat ek ooit in my lewe gekom het om 'n offerande op te neem.

²⁶ So wanneer julle 'n deel van julle lewensonderhoud insit, deur God se hulp en Sy genade, belowe ek julle, na die beste van my wete, sal dit gaan vir die koninkryk van God, alles.

²⁷ Ek het drie kinders, vrou, weduwee moeder, skoonma wat 'n weduwee is, groot verpligtinge, die amp, ensovoorts. Ek stuur duisende gebedsdoekies uit in 'n week, om die wêreld, en ons het tien verskillende kantore in tien buitelandse volke wat deur hierdie een plekkie werk. En dan, mense, as hulle nie offerandes vir my ingestuur het, uit die pos nie, sal ek moet oppak, net daar, dis al, want ek—ek kon dit net nie maak nie, want my verpligting is 'n honderd dollar per dag. En ek, in die laaste jaar, sal ek sê die laaste ses maande, die heeltyd op die veld, elke veldtog het my twee-of driehonderd dollar gekos, elke keer, op die veldtogte, so julle sien wat ek—wat ek bedoel. En enigeen weet . . .

28 En ons het boeke daar, maar ek koop daardie boeke teen veertig sent minder, ek koop hulle by Gordon Lindsay, en ek koop daardie foto's, hulle het kopiereg van die Douglas Studios van Houston, Texas. Ek moet al daardie goed koop, en ek verkoop hulle net sodat . . . wel, ek verloor op elke—op elke bestelling van hulle. Eerste ding, daar's 'n klomp van hulle bederf wanneer ek hulle kry, volgende ding is jy moet iemand betaal om hulle te verkoop. Die volgende ding, gee ek 'n klomp van hulle weg, as enigiemand hulle wil hê, en nie geld het om vir hulle te betaal nie, vat hulle, in elk geval. Sien? So ek. . . Ons nie. . . Ons is nie hier vir geld nie, ons is hier om te probeer om die lewe 'n bietjie makliker vir julle te maak, deur die Koninkryk van God. En God weet, dis my hart. Dis. . . Laat dit altyd my oogmerk en my motief wees. Baie dankie. God seën julle.

29 En as ek julle nooit weer hierdie kant van die groot rivier sien nie, aan die ander Kant waar die winde koel sal waai, onder by die immergroen bome, sal ek vir julle wag, net oorkant die rivier, aan die ander Kant.

30 Die bediening, wat ek nou vir julle getuig om die waarheid te wees, daardie selfde getuienis sal op my lippe wees, wanneer ek daar ontmoet:

Dis genade onuitspreeklik groot! hoe soet die
klank,
Wat 'n ellendeling soos ek kon red!
Ek was eens verlore, maar is nou gevind,
Ek was blind, maar nou sien ek.

31 Ek wil graag net 'n—'n Skriffie lees. Sou vanaand preek, en het 'n aankondiging gemaak waaroor ek sou preek: *Die Oorwinnende Geloof*, maar warm soos hierdie, sou ek nie tyd hê nie. Ek gaan net 'n teksie neem uit iets anders, en daaruit preek.

32 Eers, lê hierdie sakdoeke hier om oor gebed te word. Daar was 'n aantal van hulle, ek het dit elke aand probeer kry. As julle. . . hulle nie hier is nie, julle nie julle sakdoek hier het nie, julle een wil hê waaroor ek gebed het, stuur net na my kantoor: Jeffersonville, Indiana, ek sal vir julle een gratis stuur, posgeld betaal, daar's glad geen verpligting daaraan verbonde nie. En ek wil nie julle adreslys hê nie, want ek het geen radio, televisieprogramme, niks anders nie. Ek het 'n moeilike tyd om sekretarisse te betaal om te antwoord. Mag 'n klein vertraginkie wees, maar ons sal dit kry, mettertyd.

33 Maar luister nou, wel, jy sal 'n—'n brief kry, waar daar 'n roetinebrief is, om die wêreld, waar 'n halfmiljoen mense, op dieselfde tyd bid. Party mense staan op om twee-uur in die oggend, oorsese velde, om te bid, maak daardie drie-uur ketting hier van gebed om die wêreld, almal wat vir mekaar bid. En wonderwerke, duisende keer meer as wat gebeur in die diens. Sekerlik, ek bereik 'n groter gehoor.

34 Maar nou, wanneer jy daardie stukkies lap kry, is dit nie opgemaak deur 'n sekretaris nie, ek het self daarvoor gebid.

35 Nou, baie van julle dink, en sê wel in julle briewe: "Broer Branham, sal hierdie sakdoek vir my."

36 Wel, ek weet, julle Nasaréners, en baie van julle glo dit, en dis heeltemal in orde, wat God ook al seën, ek's ten gunste daarvan. Maar as julle die Skrif sal oplet, hulle het nooit sakdoeke gesalf nie, hulle het van die liggaam van Paulus geneem, sakdoeke en voorskote, en die siekes en beproefdes is genees.

37 Ek glo Paulus was 'n fundamentalis. Glo julle dit nie? En ek glo nie Paulus sou dit doen sonder Skriftuurlike gesag nie. Weet julle waar ek dink hy dit gekry het? Toe die Sunamitiese vrou na Elisa toe gegaan het, en hy sy staf geneem en vir Gehási gesê het: "Gaan, lê dit op die kind." Sien? Alles wat hy aangeraak het, het hy geweet was geseënd, as hy die vrou kon kry om dieselfde ding te glo. Sien? Alles wat hy aangeraak het, was geseënd, hy het dit geweet, want die Heilige Gees was op hom. En Paulus, het ek gesê, as 'n fundamentalis. . .

38 Hier's 'n klein opmerkinkie: Met reis oor die wêreld, het ek twee klasse mense gevind: Een van hulle is die fundamentalis, die ander is die Pinkster. Die Pinkster het baie geloof, maar hulle weet nie wie hulle is nie; die fundamentaliste weet wie hulle is, maar het geen geloof daarby nie.

39 Dis net soos 'n man wat geld in die bank het, en hy kan nie 'n tjek uitskryf nie, en die ander man kan 'n tjek uitskryf, en het geen geld in die bank nie. As jy ooit daardie twee bymekaar kan kry, om 'n Pinkster te kry om te herken wie hy is, of 'n Fundamentele te kry om te erken dat al sy fundamentele leer, tog het Christus: "Die letter maak dood, maar die Gees gee lewe," dan het jy dit gemaak.

40 So, ek bid dat ek eendag daardie groot vereniging sal sien van die hele Liggaam van Jesus Christus, wat bymekaarkom, as een yslike groot Liggaam, dan sal die Wegraping kom.

Voor ons die Skrifte oopmaak, laat ons bid.

41 Dierbare God, soos stilte oor hierdie gebou getrek het net toe, toe ek gesê het: "Laat ons bid," ons is almal baie bewus vanaand dat daar 'n God in die Hemel is, Wat die geheime van die hart ken. Soos Daniël in sy dag gesê het: "Daar is 'n God in die Hemel." En U ken die geheim van ons harte, en ek sou bid vanaand, Dierbare God, dat U U Seun aan ons sal openbaar in die krag van Sy opstanding, om al ons ongeregthede te vergewe, en om al ons siektes te genees.

42 Spreek deur U Woord, O Ewige God, en laat die Heilige Gees Dit neem en Dit in die luisteraar se harte plant, dat daar daaruit kan kom, 'n groot herlewings, een van die outydse tipe, wat van kus tot kus sou trek, voor Jesus kom. Skenk dit, Here. Red die

verlorenes vanaand en genees die siekes. Want ons vra dit, in Jesus' Naam, U Seun. Amen.

43 In die 12de hoofstuk van Matthéüs se Evangelie, en die 24ste vers, wil ons graag lees vir 'n oomblik, hierdie Woorde. Dis 'n teksie wat ek al baiekeer gelees het, en daaroor gepraat het. En die rede waarom ek dit vanaand geneem het, is omdat ek kon gou maak daarmee, om by die punt te kom waarby ek graag wil kom, voor gebed vir die siekes.

44 En terwyl ek bid en praat, wil ek hê elke persoon hierbinne moet dit in julle gedagtes hê: dat sodra gebed begin gaan vir die siekes, elkeen van julle gaan opstaan en gesond uit die gebou uitloop. Moet niks anders in jou gedagte hê nie, hou aan om dit te dink. “As daar enige lof is, as daar enige deug is, dink aan hierdie dinge.” Jy kan niks van God kry met 'n negatiewe gedagte nie. “Hy wat na God toe kom, moet glo dat Hy is, en 'n Beloner is van hulle wat Hom soek.”

45 Nou die 42ste vers:

En die koningin van die suide sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag, en dit veroordeel: want sy het gekom van die uiteindes van die aarde af om die wysheid van Salomo te hoor; en, kyk, meer as Salomo is hier.

46 Ons Here is pas deur die—die dokters van Sy dag, dit is die teoloë, Beëlseub genoem. En Hy het die stede bestraf waarin Hy so pas gepreek en tekens en wonders gedoen het, soos ons nou die aand gelees het van wat Sy bediening was in Sy dag, hoedat Hy in staat was om die gedagtes van die hart te onderskei deur die Gees van God.

47 En die—die kerkmense van Sy dae het gedink Hy was 'n gedagteleser, of 'n toordokter van een of ander aard, en het Hom 'n bose gees genoem. En ons Here het gesê: “As julle dit vir My sê, sal Ek julle vergewe, maar eendag kom die Heilige Gees, dan sal Hy dieselfde werk doen wat Ek doen, en dan sal een woord teen daardie Heilige Gees wat dieselfde werk doen, nooit vir 'n mens vergewe word nie, in hierdie wêreld, of in die wêreld wat sal kom nie.” Hy het gesê: “As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie, maar as Ek die werke van My Vader doen, glo dan die werke.”

48 Nou, wat is die werke van die Vader? Nou, Hy het dit duidelik verklaar, dat hoe Hy Sy bediening aan die mense voorgestel het, was deur die—die geestelike mense. Nou, daar is twee kerke, daar's die natuurlike kerk, daar's die geestelike Kerk. En deur daardie twee te meng. . . Wat daar geen manier is om hulle te skei nie, soos Jesus gesê het: “'n Saaier het uitgegaan en saad gesaai, sommige het goeie saad gesaai, en 'n bose man het onkruid gesaai. En die landbouer, wat die pastoor was, het gesê: ‘Sal ons

die onkruid uittrek?" Hy het gesê: "Julle sal die koring daarmee saam uittrek, laat hulle saam groei."

⁴⁹ So daar's geen manier om natuurlike kerk en geestelik Kerk te skei nie. Maar die geestelike Kerk is 'n uitverkore Kerk, uitgeroep en opsy gesit deur God alleen, en hulle is diegene wat die Woord van die Here sal hoor.

⁵⁰ Maak nie saak hoe moeilik . . . dit lyk vreemd om dit te sê, maar sommige mense is voorbestem tot Ewige vernietiging, die Skrif sê so: "Mense van ouds, voorbestem tot hierdie oordeel, om die genade van God in ongebondenheid te verander," in die hoofstuk van Judas. So, ons hou nie daarvan om daardie dinge te dink nie, maar daar's party mense wat nooit gered sal word nie, maak nie saak wat jy doen nie, en hulle is baie godsdienstig.

⁵¹ En die antichrisgees is 'n godsdienstige gees, moet dit nie vergeet nie, liewe mense. En hoe geseënd is julle oë wat wel sien, en hoor, en verstaan, want jy kan nie verstaan, tensy God dit aan jou openbaar nie. Want die hele Kerk is gebou op 'n geestelike openbaring van Jesus Christus as die Seun van God.

⁵² Elke keer wat jy dit tref, tref jy gemengde menigtes, veral wanneer die bonatuurlike gedoen word. Moses het uit Egipte uitgegaan met die bonatuurlike, 'n gemengde menigte het gegaan.

⁵³ Luther, baie van julle Lutherse mense, wel, die geskiedenis maak aanspraak dat dit nie 'n verborgenheid was, hoedat Martin Luther teen die Katolieke kerk geprotesteer het en daarmee weggekom het nie, maar hoe hy sy kop kon hou bo al die fanatisme wat op die herlewing gevolg het. En dis wat dit vandag is.

⁵⁴ En julle nie-Pinksters, dis wat dit . . . Laat ek dit sê as 'n Baptis: Wat . . . Ek weet die Pinksters het 'n klomp onsin. Hulle het 'n klomp vlees en 'n klomp aanganery, maar, broer, daar is 'n egte Heilige Gees onder hulle. Dit is reg. So, jy Pinkster, wat jou kop kan hou in—in Gólgota, en in die Woord, en nie op sensasies nie, maar volgens die Woord, en steeds voor God wandel, geseënd is jy, julle het die Room van die oes: Gees en Woord.

⁵⁵ En Jesus het rondgegaan, net so fundamenteel as wat daardie Fariseërs gesê het hulle was, en toe Hy Sy werke gedoen het, het hulle verwag dit sou iets anders wees, maar omdat Hy die gedagtes van hulle harte kon onderskei . . . Soos toe Petrus gekom het, het Hy gesê: "Jou naam is Simon, en jou vader se naam is Jona."

⁵⁶ Toe Filippus gegaan en Natánael gevind en vir hom gesê het Wie hy gevind het, wel, hy kon dit nie verstaan nie, dat die Messias uit Násaret sou kom, uit daardie soort denominasie, of, glad geen denominasie nie, hy kon dit nie verstaan nie. En hy het gesê: "Kom, kyk self."

57 En toe hy gekom het, het Jesus gesê: “Jy...Daar is nou waarlik ’n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!”

En hy het gesê: “Rabbi, wanneer het U my geken? Ek’s ’n vreemdeling vir u.”

Hy het gesê: “Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien.”

58 En Filippus het gesê, of Natánael, liever, het gesê: “U is die Christus; U is die Koning van Israel.” Sien, die regte, egte Uitverkorenes het herken dat dit God was, wanneer die regte priesters en skrywers daar gestaan en gesê het: “Daardie man is ’n fortuinverteller.” En enigiemand weet dat fortuinvertellery van die duiwel is.

59 So, hulle het die Gees van God ’n onrein gees genoem, en Jesus het gesê wanneer die Heilige Gees gekom en Homself gemanifesteer het, sou Hy dieselfde werke doen wat Hy gedoen het, en ’n woord Daarteen sou onvergeeflik wees. So, julle sien die uur waarin ons lewe.

60 Kyk na die Samaritaanse vrou, sodra Jesus vir haar die geheim van haar hart vertel het, het sy gesê: “Ons soek na die Messias wat sal kom, en Hy sal vir ons daardie dinge vertel. Maar Wie is U? U moet die Profeet wees.”

Hy het gesê: “Ek is Hy wat met jou praat.”

61 Sy het in die stad ingehardloop, en gesê: “Kom, sien ’n Man wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is Dit nie die Messias nie?” En die Samaritane het Hom geglo, want hulle was ’n uitgeworpene.

62 Nou, ek wil graag dit sê: Jesus wat hier praat, was, gesê het: “O, jy Kapérnáúm, jy is tot die Hemel toe verhoog, want jy dink jy het die beste sinagoges, al daardie groot predikers, en alles, en julle is baie godsdienstig, jy’s so opgeblase en so vroom, dat jy verhoog is tot die Hemel toe, maar Ek sê vir jou, jy sal in die hel neergestoot word.”

63 Waar is Kapérnáúm vandag? Op die bodem van die Dooie See. Elke stad wat Jesus ontvang het, hulle staan vandag; elke stad wat Hy vervloek het, is vandag weg. Sekerlik, Hy was meer as ’n profeet, Hy was God gemanifesteer in die vlees.

64 En let op, Hy gaan terug in Sy, die Skrifte, en begin wys, soos ek wil in die volgende vyftien minute, dat alle eeue, God altyd Sy mense gehad het en die bonatuurlike in alle eeue laat werk het. Wanneer God ’n gawe na die aarde toe stuur, as daardie geslag daardie gawe ontvang, dan word hulle geseënde mense; en as hulle dit weier, word hulle altyd ’n vervloekte volk.

65 Kyk na die geslag in Jesus se dag: God het die grootste Gawe gestuur wat ooit na daardie geslag toe gestuur is, dis wat Hy gesê het: “Daar’s meer as Salomo hier,” en hulle het dit geweier, en Hom ’n fortuinverteller genoem. Waar is hulle vandag? Verstrooi

na die vier winde van die wêreld, die tempel verbrand. Sien, hulle het Dit geweier.

⁶⁶ En Jesus het verwys, die hoofstuk, die vers voor hierdie, na die dae van Jona. Hy het gesê: “Soos dit was. . .”

⁶⁷ Hulle het na Hom toe gekom en gesê: “Ons wil nog ’n teken sien.”

En Hy het gesê: “Daar sal ’n bose, en ’n owerspelige geslag wees, wat sal soek na ’n teken, en hulle sal ’n teken kry.”

⁶⁸ Ek is van my teks af, maar ek wil dit by julle tuisbring. Glo julle dat ons lewe in een van daardie bose, en owerspelige geslagte? Ons lewe, beslis. Soos ek baiekeer gesê het, dat hierdie volk nooit die oordeel en toorn van God kan ontsnap nie. Ek’s ’n Amerikaner, baie van die Branhams is oorkant in die velde begrawe, opgeblaas in die oorloë. En as dit vanaand daarby sou kom om ’n keuse te maak. . .

⁶⁹ Amerika is my land, ek is lief daarvoor, maar ek is nie lief vir die sondes wat dit doen nie. God het Amerika lief, maar Hy haat haar sonde; en sonde is ’n skande vir enige volk. En moenie dink omdat ons voorvaders by Plymouth Rock hierdie gestig het op die beginsels wat dit het, dat ons oordeel vryspring nie. Israel was God se Eie geliefde vrou, en sy het vir haar sonde betaal, Dawid was ’n man na God se Eie hart, hy het betaal vir sy sonde, en ons sal betaal vir ons sonde.

⁷⁰ As God Amerika nie oordeel vir haar ongeregtigheid, as die oneindige Heilige God nie, sou Hy verplig wees om Sodom en Gomorra op te wek en om verskoning te vra dat hulle gesink en hulle verbrand is. Sekerlik. Ons is bestem vir oordeel, daar’s geen manier daaruit nie. So, maak net gereed om die oordeel van die toorn van God te ontsnap deur te vlug na Jesus Christus.

⁷¹ Nou, Hy het na Jona verwys, en ek glo dat wat Hy vir Jona gesê het, Hy van hierdie dag gepraat het. Nou, Hy het gesê hulle soek na ’n teken, en hulle sou ’n teken kry, die teken van die opstanding: “Want soos Jona in die maag van die walvis was vir drie dae en nagte, sal die Seun van die mens in die hart van die aarde wees vir drie dae en nagte.” En dan, sou die opstanding die teken wees vir ’n bose en ’n owerspelige geslag.

⁷² Enigiemand weet, daardie Skrif ’n veelvuldige betekenis het, en geskiedenis homself herhaal. Glo julle Skrif het ’n veelvuldige betekenis? Goed.

⁷³ Vat waar, hierdie een hier, kom net in my gedagte op, waar in Mattheüs 3, dit gesê het: “Uit Egipte het Ek My seun geroep.” Volg die verwysing daarvan en kyk of dit nie Jakob beteken het nie, sekerlik. Dit het Jakob beteken, God se seun; dit het Jesus beteken, God se Seun. Dit het ’n veelvuldige profesie gehad, baiekeer het Dit.

⁷⁴ En so glo ek dat ons terugkom na 'n bouse, en 'n owerspelige geslag, en hierdie geslag moet die teken van die opstanding ontvang om in te pas by my eerste aand se preek van *Die Tekens Wat Hy Toe Gedoen Het*, Hy het hulle nog nooit gedoen sedert in al die eeue, tot die afsluiting van die Heidense bedeling, waarin ons nou lewe nie. En hierdie bouse, en owerspelige, en Christus-verwerpende geslag, sal, het die teken van die opstanding ontvang, die laaste teken wat vir die Kerk gegee moet word.

⁷⁵ Nou, kyk na Jona, baie mense dink dat Jona 'n verskriklike persoon was, Jona was 'n profeet van die Here, wat in die hele wil van die Here gewandel het.

⁷⁶ Julle sê: “Waarom het hy gedoen wat hy gedoen het?”

⁷⁷ Hy het nooit enigiets teenstrydig met God se wil gedoen nie. Jy kan nie, as jy in Christus is, enigiets teenstrydigs doen, as jy nederig, en—en opreg wandel nie. Dit mag lyk asof jy dit doen, maar jy doen dit nie, niks gebeur toevallig nie. “Die voetstaple van 'n regverdige man word bepaal deur die Here. En alles werk ten goede mee vir dié wat Hom liefhet.” Hoe kan jy daardie Skrifte neem en Hulle vergelyk met enige Ander, en Hulle dan breek? Die Skrifte kan nie gebreek word nie.

⁷⁸ “O,” sê julle: “hy het 'n skip geneem en na Tarsis toe gegaan, in plaas van Ninevé, toe God hom na Ninevé toe gestuur het, en hy na Tarsis toe gegaan het.”

⁷⁹ Kom ons kyk net 'n paar minute daarna, vind uit. Dis hoe jy daarna kyk. Jy gaan oorboord, sê: “O, jy is 'n Jona.” Ek wil graag een wees! Sekerlik, hy was 'n man van God.

⁸⁰ Kyk na hom, toe hy na Ninevé toe gegaan het, was daar geen skip nie, so hy het 'n skip na Tarsis geneem. Toe hy op die see gekom het, het die see onstuimig geword, omdat die prediker afvallig was. En hulle het sy voete en hande vasgebind, en hom van die skip afgegooi, en God het 'n groot vis hom laat insluk.

⁸¹ Nou, enigiemand weet dat 'n vis deur die water soek tot dit sy kos kry, dan gaan dit na die bodem van die see, of die meer, of waar julle ook al visvang, en sit sy vinnetjies op die bodem en rus. Voer jou goudvisse en hou hulle dop, hulle sal reguit na die bodem van die bak toe gaan, hulle vinnetjies hieronder sit en rus.

⁸² Nou, hierdie vis, God het hom voorberei, en Hy het 'n prediker voorberei vir sy middagete, en hy het opgegaan, en hom in die walvis se mond gegooi, en hy het afgegaan na die bodem van die see, met sy hande agter hom, vasgebind, sy voete vasgebind.

⁸³ Ek het dikwels gewonder, hoedat mense in hierdie dag en tyd, ooit na hulle simptome sou kyk en daardie storie sou lees. Dis wat die probleem is dat mense nie genees word nie, julle begin kyk na julle simptome, jy kan nie na jou simptome kyk en genees word nie, jy moet kyk na die belofte wat God gemaak het.

⁸⁴ Hier 'n tyd gelede, het ek na 'n plek toe gegaan waar 'n seun op sterwe was, dit was omtrent tien jaar gelede, 'n ou, gelowige man het na my toe gekom, en hy het gesê: “Broer Branham, sal jy na my seun toe gaan? Hy is op sterwe met swart witseerkeel.”

⁸⁵ Ek het gesê: “Ja, meneer, sodra die diens verby is, sal ek gaan.”

⁸⁶ En ek het na die plek toe gegaan waar die jong man op sterwe was, en hy was al twee dae bewusteloos.

Wel, die dokter wou my nie laat ingaan nie. Hy het gesê: “Is jy 'n getroude man?”

Ek het gesê: “Ja, meneer. Ek het 'n paar kinders.”

Hy het gesê: “Wel, ek kan jou nie daar laat ingaan nie, jy sal daardie siekte oordra.”

Ek het gesê: “Dokter, as ek God nie daarvoor kan vertrou nie, het ek geen besigheid om vir daardie seun te bid nie.”

En hy het gesê: “Ek kan jou nie laat ingaan nie.”

Ek het gesê: “Laat my ingaan en hom dan die Nagmaal gee, of iets.” Ek het gesê: “Is jy Katoliek?”

Hy het gesê: “Ek is.”

Ek het gesê: “As 'n priester hiernatoe gekom het om hom die laaste sakramente te bedien, as hy Katoliek was, sou jy hom inlaat?”

Hy het gesê: “Dis anders, die priester het nie kinders nie.”

Ek het gesê: “Maar ek wil vir jou iets vra, hierdie is net so heilig vir ons as wat daardie vir jou is.” En ek het gesê: “Laat my ingaan.”

Hy het gesê: “Goed dan. Dis op jou eie hande.”

Ek het gesê: “God sal.” En hy het my aangetrek soos 'n Ku Klux Klan.

⁸⁷ En ek het daar ingegaan om—om hierdie seun te sien, en hy was bewusteloos. 'n Verpleegstertjie, wat daar gestaan het, 'n baie mooi, klein dametjie, en ek het eenkant toe gegaan. Die kind was bewusteloos. En die verpleegster het gesê: “Mev. . . .”

Die dame, het gesê: “Ek. . . .” Ek—ek dink die dame is hier vanaand. Ek—ek wil laat. . . hierdeur kom voor ek haar vertel, en dan. . . wie sy is.

En ek het gesê. . . Die verpleegster het vir haar gesê, gesê: “Sal jy. . . Weet jy dat jou seun op sterwe is? Ek dink die verpleegstertjie het dit net tot my voordeel gesê.

⁸⁸ En ek het gesê: “Wel, as hy op sterwe is, is God 'n Verlosser.” En sy het net soort van haar klein, gevefde lippies opgetrek, en eenkant toe gekyk, en ek het gesê: “Kom ons bid.”

⁸⁹ En die ou vader en moeder het aan een kant van die kind gekniel, ek het gesê: “Here God, die God Wat Hemel en aarde gemaak het, U het gesê: ‘Wat julle ook al begeer, wanneer julle bid, glo dat julle hulle ontvang.’ En daar staan ook geskrywe: ‘As jy vir hierdie berg sê: hef jou op, en nie in jou hart twyfel nie, maar glo dat wat jy sê sal gebeur, kan jy kry wat jy sê.’ Dit is U Woord, en dis wat ons doen, Here.” En ek het gesê: “Ek lê hande op hierdie seun, en bestraf hierdie dood, in die Naam van Jesus Christus.”

⁹⁰ Opgestaan, ou vader het opgestaan, die trane onder sy bril uitgevee, en hy het moeder in sy arms geneem, hy het gesê: “Moeder, dink daaraan! Is dit nie wonderlik nie? Hy gaan nou lewe.”

Die seun net so ver heen, net skaars asem gehaal. En die verpleegster het gesê. . .

“O,” het sy gesê: “Dis wonderlik, Fred, dis wonderlik!” Gesê: “Hy gaan nou lewe. Dankie, Here!”

⁹¹ En die verpleegstertjie het oorkant toe gekyk, nie geweet waarom dit alles gaan nie, en sy het gesê: “Meneer, verstaan jy dat die beste dokters wat ons in hierdie land het, gesê het dat daardie kind dood sal wees binne die volgende vyf uur?” Sy het gesê: “Hierdie kardiogram ding vir sy hart,” ek weet niks daarvan nie, sy het gesê: “dit het al die pad afgegaan, en nog nooit in die mediese geskiedenis, wanneer dit ooit geval het, kom dit ooit weer terug nie.”

⁹² En die ou vader het soontoe geloop, sy arms om die verpleegstertjie gesit, en hy het gesê: “Skat, sien, ek—ek voel jammer vir jou, jy kyk na daardie diagram, daardie masjien, want dis al wat jy opgelei is om na te kyk.” Gesê: “Jy kyk na daardie masjien, ek kyk na ’n Goddelike belofte, wat deur God gemaak is.”

⁹³ Die seun is getroud en het nou twee kinders. Mev. Bartell, as jy hier is: Goed, daar het julle dit. Sien, dis wat dinge werklik maak, dit hang af waarna jy kyk.

⁹⁴ Jona, toe hy in die maag van die walvis was, as enigiemand simptome sou hê, sou Jona gehad het. Wel, as hy *hierdie* kant toe gekyk het, was dit walvismaag, hy agter na *hierdie* kant toe gekyk het, was dit ’n walvis se maag, oral waar hy gekyk het, was dit walvismaag. Hy het seegras om sy nekke gehad, gelê in braaksel in die walvis se maag. Wel, geen wonder. . . Hy het ’n goeie geval van simptome gehad.

⁹⁵ Hy was ’n baie erger geval, as wat jy vanaand kon hê, daar’s niemand hier in daardie toestand nie. Maar weet julle wat Jona gesê het? Hy het gesê: “Hulle is valse nietighede. Ek sal nie meer na enige walvis se maag kyk nie, maar nog een keer, Here, sal ek kyk na U heilige tempel.” Amen.

⁹⁶ Hoekom? Hy het geweet toe Salomo daardie tempel toegewy het, het Salomo 'n gebed gebid, en hy het gesê: "Here, as U volk enige plek in die moeilikheid is, en sal kyk na hierdie heilige plek, en bid, hoor dan uit die Hemel." En Jona, as jy hom afvallig wil noem, hande agter hom, vasgebind, voete vasgebind, op 'n stormagtige see, in die maag van 'n walvis, reg onder op die bodem van die oseaan, het hy geweier om na enigiets behalwe daardie tempel te kyk, want daar was 'n gebed oor daardie tempel.

⁹⁷ As Jona kon kyk na die tempel wat deur die mens gemaak is, en daardie soort geloof kon hê, in daardie toestande, hoeveel te meer kan ons vanaand, onder enige omstandighede, na die Hemel kyk, waar Christus aan die regterhand van God sit, met Sy Eie Bloed om voorspraak te maak volgens ons belydenis? Hang af waarna jy kyk.

⁹⁸ Weet julle wat God gedoen het? Hy moes 'n suurstoftekn, of iets, daarin gesit het, Hy het daardie profeet lewendig gehou vir drie dae en nagte, en hom op 'n rit geneem, die heelpad oor die oseaan na Ninevé.

⁹⁹ Ninevé was 'n groot stad, baie duisende mense. Hulle was afgodedienaars, en hulle het gode aanbid, en hulle groot god was die god van die see, die walvis. Almal van hulle was vissermanne, hier was hulle daarbuite wat hulle nette getrek het, sondig soos die Verenigde State nou is, en die eerste ding waarvan jy weet, het die walvis ingekom, hy was 'n god vir hulle, sy mond oopgemaak, sy tong uitgesteek, en die profeet het afgeloop soos 'n loopplank. Daar het die god gekom, wat die profeet uitspoeg.

¹⁰⁰ Geen wonder . . . Sien, God moes dit so doen, God weet wat Hy doen. Geen wonder hulle het bekeer na die prediking van Noag, of, Jona nie. Hoekom? Dat hy was . . . Die walvisgod het hom uitgespoeg op die oewer. Die profeet het reg uit die walvis se mond uitgeloopt, begin preek, hulle het beslis bekeer. God doen dinge op bonatuurlike maniere, om Sy wonders te doen. Sekerlik.

¹⁰¹ Jesus het gesê: "Soos Jona drie dae en nagte in die maag van die walvis gelê het, sal die Seun van die mens drie dae en nagte in die hart van die aarde wees, wanneer Hy opstaan. En in daardie dag, dan soek die slegte en owerspelige geslag na teken, dit sal vir hulle 'n teken wees."

¹⁰² Nou, as Jesus nog altyd dood is, dan was Hy net 'n mens; maar as Hy vanaand opgestaan het, tweeduisend jaar lewendig was na Sy dood, begrafnis, en opstanding, dan het die Bybel gesê: "Hy is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." Dan as Hy dieselfde is, sal Hy dieselfde optree, dieselfde doen: dieselfde werke, selfde wonderwerke, selfde krag, selfde genade. Hy's dieselfde God, en hierdie Heiden, afsluitingseu sien dit. Toe het Hy gesê: "En die koningin van die Suide sal opstaan in die Oordeelsdag saam met

hierdie geslag en dit veroordeel, want sy het van die uiteindes van die wêreld af gekom om die wysheid van Salomo te hoor.”

¹⁰³ Nou, in die dae van Salomo, het God vir Salomo ’n groot gawe gegee, dit was ’n gawe van onderskeiding. Die hele Israel het daardie gawe ondersteun. O, hulle het gedink dit was wonderlik. En enigiemand weet, dat dit die grootste eeu was waarin Israel ooit gelewe het. Hoekom? Hulle almal het die gawe ondersteun. Daar was ’n groot tempel gebou, geen oorlog gedurende Salomo se tydperk nie, nee, meneer, hulle was bang vir hom, want die mense was in ooreenstemming met God.

¹⁰⁴ En weet julle wat? Die beste skuiling wat ons vanaand het, is nie om ’n wetenskaplike te kry wat ’n—’n bom groter as die kobaltbom of die waterstofbom kan skeep nie, maar om ’n man te kry wat kan staan met een of ander krag, wat Amerika weer sou terugskud na God toe. Dit sou die grootste ding wees wat kon gebeur, al die mense in Amerika, wat aanspraak maak om Christene te wees, weer terug te skud na die Verlosser, weg van hulle geloofsbelydenisse af, en weg van hulle ou, klein aanstellerige, fantastiese goedjies, en weer terug te kom na die lewende God, dit sou die grootste ding wees wat kon gebeur, meer werd as al die bomme wat geskep kon word, die beste beskerming wat ons het.

¹⁰⁵ Let op, en in die dae van Salomo, daardie groot gawe, het almal dit ondersteun, en hulle het daarvan begin praat, en julle weet die nuus daarvan het na die hele wêreld versprei in daardie dag. Almal wat verbygekom het, het gesê: “Daardie mense is eensgesind. Wel, hulle—hulle het ’n groot gawe gekry wat God vir hulle gestuur het.” En hulle het almal daardie gawe geglo.

¹⁰⁶ Sou dit nie wonderlik wees vanaand, as net die kerkmense in Amerika, wat sou glo die grootste Geskenk wat God ooit na die wêreld toe gestuur het die Heilige Gees was, en Dit sou ondersteun nie? As julle Metodiste julle skanse sou afbreek, julle Baptiste julle skanse sou afbreek, Presbiteriane, en Pinksters, Nasaréners, Pelgrim Heiligheid, en almal van julle julle klein skansies sou afbreek, en die Heilige Gees laat inkom onder ons almal, en ’n goddelike, broederlike liefde, en ’n respek skeep, sou daar ’n krag wees wat hierdie nasie tref, dat koerante dit sou berig, en radio, om die wêreld. Maar hulle wil dit nie doen nie, elke mens het sy eie boom, en hulle wil nie bymeekaarkom nie.

¹⁰⁷ Maar hulle was almal in eensgesindheid toe, en hulle sou opgaan voor Salomo, en hulle het daardie groot gawe dopgehou. Hoe hulle daarvan gepraat het, oral! En die nuus, uiteindelik, het na die uiteindes van die bekende wêreld toe gegaan, ver onder in Skeba. En daar was ’n koninginnetjie daaronder, sy was ’n heiden om mee te begin, maar, julle weet, God is geen aannemer van die persoon nie, Hy red enigiemand wat gered wil word.

108 Nou kyk, toe hulle soontoe gegaan het, die mense sou verbykom, elke reisiger wat deur Palestina sou gaan, almal wat sou verbykom, sou vir iemand sê, en vir die koninginnetjie sê: “Sê, ek het so pas deur Palestina gegaan, jy het nog nooit in jou lewe so-iets gesien nie! Hulle God is ’n groot God, Hy’s nie ’n dooie God nie, Hy’s ’n lewende God. En Hy het ’n man gegee met die naam van Salomo. . . Wel, hulle het hom selfs hulle koning gemaak, en hy het ’n groot krag van onderskeiding wat net van God af kan kom.”

109 Wel, julle weet, geloof kom deur die gehoor, die gehoor van die Woord van God, so dit het ’n honger in die koninginnetjie se hart geskep. En almal het daarvan gepraat, so sy het besluit sy sou self gaan kyk. Dis ’n goeie idee. Dis baie beter as om net by die huis te sit en te kritiseer. Dis baie beter as om te sê: “My denominasie werk nie saam met hierdie herlewing nie,” baie beter. So sy het gesê: “Ek sal self gaan kyk.”

110 Nou, sy het baie gehad om te konfronteer, baie meer as wat jy sou hê. Eerste ding, sy was ’n vrou. Die volgende ding, sy was ’n heiden. Nou, om te gaan, sou sy toestemming moes kry by haar—by haar heidense priester. So sy gaan oor na die aartsbiskop van haar kerk, en sy het gesê: “Biskop, ek het gehoor, ek het my pastoor saamgebring, hy stem nie saam met my nie, maar ek hoor dat daar bo in Palestina, dat hulle ’n God het wat vir hulle ’n groot gawe gegee het, en Sy groot Teenwoordigheid wat deur ’n mens werk, manifesteer die teenwoordigheid van ’n lewende God.”

111 Ah, het die biskop gesê: “*Ahem! Ahem!* Nou, Koningin, weet jy jy’s ’n stigtingslid van hierdie gemeente? En nou, ons sal nie enige sulke onsin soos daardie toelaat nie. Nou, jy weet daar’s nie sulke goed soos daardie nie. As daar enigiets in die teken van die bonatuurlike was, of iets, sou ons god Dagon, en al die res van hulle, dit hier hê. Sien? So daar’s niks daaraan nie, dis ’n klomp onsin, dis versinsel.”

Sy het gesê: “Maar jy weet, ek wil graag self gaan kyk.” Dis ’n goeie idee. Gaan vind uit.

112 Wel, ek kan die biskop, en die aartsbiskop, en hulle almal bymekaar hoor kom, sê: “Nou kyk hier, jy mag koningin wees, maar onthou, as jy na een of ander soort fanatisme soos daardie toe gaan, sal ons jou ekskommunikeer uit die kerk, en jy sal nie die laaste begrafnisplegtighede kry wanneer jy sterf nie, en jy sal nie in ons begraafplaas hierbuite begrawe kan word, sekerlik, waar jou moeder begrawe is, en jou pappa begrawe is, dit alles nie.”

113 Sy het gesê: “Maar kyk, Biskop, daar’s iets in my hart, wat my wil laat gaan uitvind.”

114 “Salig is hulle wat honger, en dors na geregtigheid, want hulle sal gevul word.” Daar is niks wat hulle gaan stop nie.

115 “O, sê sy, nou wag ’n bietjie, ek sal gaan.”

116 En hy het gesê: “Nou kyk, as daar enige nuuskierigheid is wat jy het, waarom gaan kry jy nie jou gebedsboek, en kom na die kerk toe, en ons sal dit alles bespreek nie?”

117 Ek kan haar hoor sê: “Wag ’n bietjie, my ma het grootgeword deur hierdie kerk, my pa het grootgeword, my broers en susters het grootgeword, en ek het vir veertig jaar grootgeword in hierdie kerk, en al wat ek gehoor het, is ’n groot klomp geloofsbelydenisse, hoegenaamd geen lewe nie. As daar so-iets is, soos die lewende God, Wat ’n lewende gawe kan voortbring, wil ek dit vind.” O, goeiste! Ons het nog sulke koninginne nodig. “Al wat ek geken het, is ’n klomp gebede, ’n sangboek, ensovoorts, en jy praat van een of ander groot god, maar waar is hy? Lewe hy? Ek het nooit ’n beweging gesien nie, Mamma het nooit ’n beweging gesien nie, en Ouma het nooit ’n beweging van hom gesien nie. So waar is hy?”

118 Dis wat ek vandag sê, as Jesus Christus nie dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid nie, waar is daardie God wat eers groot was?

119 Wat help dit om jou kanarievoël, soos ek nou die aand gesê het, ’n klomp vitamene te gee, om sterk vlerke te maak, en hom in ’n hok te hou? Wat help dit om ’n historiese God te verkondig, as Hy nie vanaand dieselfde God is nie? Wat help dit om ’n God van Moses te verkondig, as Hy nie vanaand dieselfde God is nie? Wat help dit om ’n Christus te verkondig, wat genees het, en wonderwerke gedoen het, as Hy nie vanaand dieselfde is nie?

120 As Hy nie is nie, wil ek niks met Hom te doen hê nie, want die Bybel het gesê: “Hy’s dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.” As dit nie die waarheid is nie, dan is die Bybel ’n leuen; en as dit die waarheid is, dan is die Bybel reg, en is daar ’n lewende God, nie ’n dooie vorm van geloofsbelydenisse en denominasies, en klein goedjies, en gebedskrale, en—en boeke om te lees, ensovoorts nie. Mohammed kan dit produseer, Boeddha kan dit produseer, enige afgod kan dit produseer, en kan net soveel sielkunde produseer.

121 Laat ek jou iets vertel, my broer, daar’s net Een wat ooit gelewe en gesterwe en weer opgestaan het, en dieselfde bly vanaand, dis Jesus Christus, die Seun van die Lewende God, Wat lewe en regeer, en elke Woord antwoord, en elke belofte wat Hy gesê het.

122 Ek weet julle dink ek is opgewonde, as julle gevoel het soos ek voel, sou julle ook opgewonde gewees het. Ek weet Hy’s werklik, nie omdat dit in my hart is nie, een rede, ja. Mohammedaan sê: “Hy’s werklik, want Mohammed is in my hart.” Wel, laat ek Mohammed die dinge sien doen wat Hy gedoen het toe hy gelewe het. Ek kan julle wys Jesus doen dieselfde ding. Sekerlik, Hy’s die lewende God.

123 So die koningin het gesê: “Nou, jy kan net my naam van die boek afvee, doen wat ook al jy wil. Ek is moeg van hierdie ou geloofsbelydenisse, ek gaan soontoe om uit te vind of hierdie ding reg is of nie.”

124 En toe sy gereed gemaak het om te gaan, sou sy nie met leë hande gaan nie, sy het ’n paar kamele gelaai met goud, en wierook, en geld, en sy het gesê: “As dit reg is, gaan ek dit ondersteun; as dit nie reg is nie, sal ek my geld terugbring.” Dis ’n goeie ding. Dis reg.

125 As julle mense ’n bietjie meer opreg was daaroor, en iets ondersteun het wat regtig God daarin gehad het, in plaas van soveel ou dinge wat julle ondersteun, een of ander miljoen dollar gebou, waar dit niks anders as ’n groot lykshuis iewers is nie, loop daarin en die geestelike termometer, negentig onder vriespunt, iemand sou sê: “Amen,” die res van hulle sou flou word. Wat is die probleem? As Christus ’n wonderwerk gedoen het, word jy uit die gebou uitgegooi.

126 Laat my dink aan ’n lykshuis, hulle neem ’n lyk daarin, en sit dan nog ’n bietjie vloeistof in om seker te maak hy word nie lewendig nie. Hulle neem jou daar in, en spuit hierdie ou goed in: “Die dae van wonderwerke is verby. Glad nie so-iets soos Goddelike genesing nie. Die Heilige Gees het jare gelede destyds daar gelewe, daar’s nie meer so-iets soos Pinkster nie.” Broer, dis balsemvloeistof uit die hel! Jesus Christus is dieselfde, gister, vandag, en tot in ewigheid. Reg.

127 As Hy nie is nie, is Hy net ’n klomp geloofsbelydenisse. Party mense beperk God tot geloofsbelydenisse. Ons mag dalk nie in staat wees om te wandel waar Josua het om die muur van Jérigo om te skree nie, ek mag dalk nie in staat wees om te wandel soos Henog het en ’n wandelinkie te neem en Huis toe te gaan saam met Hom sonder die dood nie, maar ek sou nooit in iemand se pad staan wat wel geloof gehad het om dit te doen nie. Dis reg. Ek sou vir hulle bid, en God dank vir hulle, in plaas van te kritiseer, hulle te bespot.

128 So die koninginnetjie, sy het baie gehad om te konfronteer. Nou, het julle al ooit die afstand tussen Skeba en Palestina gemeet? En nou, sy het nie gekom in ’n lugversorgde Cadillac, of een of ander groot koets nie, sy het op die rug van ’n kameel gekom. En dit het haar nie net ’n uur of twee geneem nie, dit het haar drie maande geneem om te kom; en party mense sal, vandag, nie oor die straat loop nie. Wat sal sy doen in julle geslag wanneer sy daar staan saam met hierdie geslag, as sy op die rug van ’n kameel gekom het vir driehonderd myl, nie langs ’n mooi dennelaan hoofweg wat ons hier het nie, maar deur ’n woestyn om ’n gawe te hoor?

129 En Jesus het gesê sy sal opstaan in die Oordeelsdag en daardie geslag veroordeel, en ons het tweeduisend jaar van

Bybelonderrigting met dieselfde Heilige Gees vanaand, wat dieselfde kragte, en werke doen, en ons sal nie oor die straat kom, of selfs 'n myl ry in 'n mooi, lugversorgde motor nie. Wat sal sy doen aan *hierdie* geslag?

¹³⁰ O, julle moet Elvis kyk, Arthur Godfrey, *Ons Is Lief Vir Susie*, of so-iets, vermaak. Dis wat die probleem is met die Amerikaanse mense, hulle wil vermaak hê, hulle wil nie die Evangelie hê nie.

¹³¹ Wag tot julle julle prediker kry, julle vir hom stem in julle kerk, wat doen julle? Julle kry 'n man wat 'n klein, verwyfde, Hollywood dingetjie is, wat heelnag hierbuite sal lê, iewers uitgestrek op die strand, en 'n klein sosiale partytjie hou, en bingo speel onder in die kerkkelder, sop-aandetes, en een of ander ou, taai haan kook, dit verkoop vir vyftig sent 'n bord, om die prediker te betaal. As hy die Evangelie sal verkondig en dit daar neerlê en die mense tiendes laat betaal, sou julle nie sulke goed soos daardie hoef te doen nie, dis mensgemaakte geloofsbelydenisse. Dan noem julle dit godsdiens!

¹³² Staan op 'n Sondagoggend, en preek 'n tien-minuut preek, as hy meer as tien minute aangaan, neem die—die diakenraad hom agtertoe, en die volgende vergadering stem hulle hom uit. Skaam julle! Wat ons vanaand nodig het, is die Evangelie wat kaal-hand hanteer word, 'n outydse, God-gestuurde, hemel-blou, sonde-dodende godsdiens, en die Bybel Heilige Gees terug in die kerk en in die lidmate. Reg.

¹³³ Daardie koninginnetjie was honger, en sy het nie omgee wat die prys was nie, sy het in elk geval gekom. Sy het oor die woestyn gekom, let nou op, die seuns van Ismael was in die woestyn in daardie dae, hulle was rowers, en daar was duisende van hulle. Wat sou daardie karavaantjie kamele, 'n vroutjie met twee of drie vroutjies wat by haar sit, en vier of vyf hofdienaars hier rond, en 'n leërtjie van omtrent veertig of vyftig manne? Wel, daardie seuns van Ismael, sou net aangehardloop kom, en hulle vertrap, die goud steel wat tienduiseende dollars werd was.

¹³⁴ Maar daar's iets daaromtrent, wanneer 'n man Jesus wil vind, God regtig wil vind, daar niks is wat in sy pad staan nie. Daar's geen prediker, geen biskop, geen geloofsbelydenis, geen mamma, geen pappa, geen kerklidmaat, niks anders kan tussen jou en God kom nie, as jou hart honger is, sal jy in elk geval gaan, jy sal gaan.

¹³⁵ Sy het gesê: “Ek hoor. . . As daar 'n lewende God is, eer Hy Sy mense. En Hy het 'n man 'n gawe gegee, en daardie gawe is wonderlik, hoor ek; ek gaan, in elk geval.” Sy het begin gaan op haar pad, sy het negentig dae oor daardie brandende Sahara Woestyn gereis op die rug van 'n kameel, omtrent twee myl per uur, oor die woestyn, maar God het gesorg dat sy veilig gearriveer het.

¹³⁶ Hy sal net so vir jou sorg, as jy regtig honger en dors na God, om iets uit te vind: as ons God nog steeds lewe, as Hy nog

steeds dieselfde krag het, is Hy dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid? As jy honger daarna, en kyk of God dit nie na jou toe bring nie.

¹³⁷ Hier kom sy, en uiteindelik het sy by die poort aangekom. Toe sy het, het sy nooit net gekom om te sê nie: “Ek sal vyf minute sit, en as Pastoor Salomo een ding sê wat teenstrydig is met wat biskop *So-en-so* gesê het, sal ek reguit opstaan en uitstap.” Dis die Amerikaanse houding. “Ek sal nie een minuut luister nie.” Sy het nie eers Christelikheid geken nie, sy het nie van Jehova geweet nie, maar sy het die Boekrolle gekry en begin studeer wat Hy was.

¹³⁸ Dis reg, kry jou Bybel, en kyk daarin. “Hulle is die Woord van die Lewe, dit is dié wat van My getuig,” het Jesus gesê. “Ondersoek die Skrifte.” Sy het gekom om dit te doen.

¹³⁹ Sy het nie net gekom om net vir een aand te bly nie: “Wel, as daar nie vir my gebed word vanaand nie, sal ek nie weer terugkom nie.” Nee, nee, sy het iets op haar hart gehad. Sy het in die paleiswerf gekamp, sy het die kamele afgelaai, haar tente opgeslaan, en gereedgemaak om vir ’n rukkie te bly. Dis hoe om dit te doen.

¹⁴⁰ Sy het gesê: “Ek gaan bly totdat ek oortuig is.” Wat as mans en vroue van Amerika so opreg sou wees? “Ek sal bly totdat ek oortuig is. Ek sal die Skrifte ondersoek, en kyk of daardie groot God, wat belowe het dat Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, of Hy dieselfde dinge vandag sal doen wat Hy gister gedoen het, ek sal die Skrifte ondersoek. Ek sal dit nie kritiseer nie, ek sal opreg wees, ek sal die Skrifte ondersoek.” Doen dit, en jy sal staan aan die regverdigde kant in die oordeel saam met die koningin; maar kritiseer dit, en hardloop uit, wanneer jy nie eens weet waarvan jy praat nie, vind waar jy staan by die Oordeelsdag. God is verplig om dit te stuur, dit hang van jou af om dit te ontvang, of jy dit wil hê of nie. God druk nie Sy godsdiens in niemand se keel af nie, die prediker mag dit doen, maar God doen dit nie.

¹⁴¹ Let op, toe sy daar opgekom het, het sy gesê: “Ek gaan bly tot dit verby is. Wanneer ek oortuig is, goed.” Nou, die volgende oggend kan ek haar haar beste klere sien aantrek, en haar prinsessies rondom haar, en die hofdiensars, ensovoorts, en hulle het opgegaan na die poort, en hulle het daar gestaan, die groot gemeente het vergader. Sy het gesê: “Nou, ek gaan sien, ek het gehoor dat hy die gedagtes van die verstand kon onderskei, ’n groot krag van onderskeiding, en daar is ’n God Wat dit kan voortbring. Ons gode doen dit nie, hulle het nie genoeg lewe in hulle om dit te doen nie. Ons het net ’n klomp boeke en geloofsbelydenisse, wat ons vertel van ’n god wat was, ons het ’n paar standbeelde en dinge, maar dis leweloos. Maar as daardie

man regtig 'n dienskneg van 'n God is wat dit produseer, dan gaan ek die dienskneg van daardie God wees." Goed.

¹⁴² Sy stap nader en neem haar sitplek in, haar posisie, Pastoor Salomo kom uit, staan op die platvorm, en begin 'n rukkie praat, oor die groot Jehova, en hulle het vir hom 'n geval gebring. En sodra dit by Salomo gekom het, is daar 'n krag van onderskeiding wat die waarheid uitgebring het. Wat dink julle het daardie heidentjie gedink? "Sê, ek dink ek's alreeds oortuig."

¹⁴³ Naderhand kom daar nog 'n geval op, Salomo net 'n man, maar gesien dat daar iets in die man was, 'n gawe wat van God af gekom het wat bonatuurlik was. Gesê: "Wel sê, ek het nou hierdie twee dae dopgehou, en daar was nie een fout nie, my gebedskaartjie sal naderhand geroep word. Uiteindelik, kom sy voor Salomo, en Salomo, sê die Bybel, maak aan haar al die dinge bekend wat sy wou hê.

¹⁴⁴ Wat het sy gedoen? Sy het reguit uitgestap onder die mense, en sy het gesê: "Alles wat ek gehoor het, was die waarheid, en meer as wat ek gehoor het, is die waarheid." En sy het haar posisie in die openbaar ingeneem, en sy het huis toe gegaan met 'n God in haar hart wat die God van die bonatuurlike was. [Leë kol op band—Red.] . . . was dat God, deur Sy dienskneg, die geheime van haar hart aan haar geopenbaar het.

¹⁴⁵ En Jesus het gesê: "Sy sal staan in die Oordeelsdag," saam met daardie Salomo met 'n klein lepeltejievol van die gawe van God, en Hy met die hele volheid van die Godheid liggaamlik, en Hom 'n duiwel genoem, en 'n Beëlsebub, gesê: "Sy sal staan in die Oordeelsdag, en hierdie geslag veroordeel." Wat sal sy doen aan *hierdie* geslag? Wat sal sy doen?

¹⁴⁶ Wat het sy gesê? Sy het gesê: "Geseënd is die manne wat saam met u gaan, geseënd is die mense wat u volg, want hulle staan daagliks om hierdie groot wysheid te sien, wat God u gegee het, hierdie groot gees van onderskeiding. Welgeluksalig is u hofdienaars, en welgeluksalig is u bekerdraers, en hulle wat saam met u werk, want hulle is bevoorreg om langs u te staan, en die onderskeiding van God daagliks te sien. Jesus het gesê: "Sy sal staan in die Oordeelsdag, en hierdie geslag veroordeel.

¹⁴⁷ Wonder . . . Ter afsluiting wil ek dit sê: Christus is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Hy is verplig. Hy's steeds die lewende God, Hy is nie dood nie, Hy het weer opgestaan. Ek wonder, vanaand . . .

¹⁴⁸ Ek het 'n storietjie geles 'n tyd gelede van Danny Greenfield in sentrale Amerika, hy was 'n evangelis, omtrent vyf-en-sewentig of eenhonderd jaar gelede. En hy—hy het baie siele gewen vir Christus, en hy het een aand gedroom dat hy gesterf het, natuurlik, het hy opgegaan Hemel toe. Toe hy by die deur kom, was daar 'n . . . het die deur wag uitgekom, en gesê: "Wie nader hierdie heilige plek?"

149 En hy het gesê: “Ek’s Danny Greenfield, die Amerikaanse evangelis. Ek het baie siele gewen vir ons Here, en ek het gekom om my posisie en my plek in die Hemel in te neem.

“Net ’n oomblik, meneer,” het die opsigter gesê. Gaan terug: “Wat het jy gesê is jou naam?”

“Daniel Greenfield.”

Dit deurgekyk en gesê: “Daar’s nie een hier nie.”

“O,” het hy gesê: “jy moet verkeerd wees, meneer.” Gesê: “Ek het gepreek, en ek het siele gewen vir Christus.”

Hy het gesê: “Ek’s jammer, meneer, jou naam is nie op hierdie Boek nie, en jy sal moet wegkom van die hekke af.”

150 “Wel,” het hy gesê: “wat kan ek doen?” Die Engel het gesê: “Die enigste ding wat ek weet om te doen, jy mag jou saak appelleer voor die Groot Wit Troon Oordeel as jy graag daar wil staan.”

“Wel,” het hy gesê: “ek het geen ander keuse nie.”

Gesê: “Goed.”

151 Gesê: “Hy het begin beweeg en deur die ruimte gegaan, hy het vinniger en vinniger gegaan. Naderhand, het hy in ’n teenwoordigheid van ’n Lig ingekom, hy het begin stadiger gaan, stadiger gaan, uiteindelik, het hy heeltemaal tot stilstand gekom. Lig het nie van enige sekere plek af gekom nie, maar Dit was reg rondom hom, reg in die middel van hierdie Lig.” Gesê: “Wat ’n plek om te staan!” Broer, ek hoop ek hoef nooit daar te staan nie.

En naderhand het ’n Stem gesê: “Wie nader My troon van geregtigheid?”

152 En hy het gesê: “Ek’s Danny Greenfield, die Amerikaanse evangelis, ek nader U oordeelstroon, O Here.” Hy het gesê: “Hulle het my veroordeel by die poorte, en gesê my naam was nie op die Boek nie, en ek appelleer my saak na U geregtigheid.”

Hy het gesê: “Goed, Danny Greenfield, Ek sal jou oordeel volgens My wette.” Hy het gesê: “Danny Greenfield, het jy ooit ’n leuen vertel in jou lewe?”

153 “Wel,” gesê: “ek was gereed om te sê: ‘Ek was beslis ’n eerlike man.’ Maar,” gesê: “ek het toe onthou dat daar baie dinge was wat ek gesê het, wat net nie presies waar was nie.” Gesê: “Ja, Here, ek het gelieg.”

Gesê: “Danny Greenfield, het jy ooit in jou lewe gesteel?”

154 Hy het gesê: “Ek het gedink, as daar enigiets is waarvoor ek kan antwoord, dat ek altyd eerlik was.” En gesê: “In die Teenwoordigheid van daardie Lig, het ek baie klein verdagte transaksies onthou, wat ek gedoen het.”

155 Broer, dis hoe dit vanaand is, terwyl jy hier in die kerk sit, terwyl jy gesond is soos jy is, mag jy goed voel, maar in die

Teenwoordigheid van daardie Wit Troon Oordeel, gaan daar 'n klomp dinge wees wat dan sal verskyn; jy's 'n sterfling, kyk soos 'n sterfling. Moet jy nooit hoegenaamd op jou verdienste vertrou nie.

Hy het gesê: “Ja, Here, ek het gesteel.”

Hy het gesê: “Daniel Greenfield, My geregtigheid vereis volmaaktheid. Was jy volmaak in jou lewe?”

¹⁵⁶ Hy het gesê: “Nee, Here, ek was nie volmaak nie.” En gesê, hy het geluister om daardie groot donderslag te hoor uitkom: “Stuur hom na Ewige verdoemenis uit My teenwoordigheid uit.” Gesê: “Gelyk asof my bene,” het hy gesê: “uitmekaar geval het, te luister vir daardie groot ontploffing wat van iewers af sou kom.”

¹⁵⁷ En gesê: “Ek het die soetste Stem gehoor, wat ek ooit in my hele lewe gehoor het,” gesê: “geen moeder se stem kon so gewees het nie.” En gesê: “Ek het omgedraai om te kyk, ek het die liefdevolste gesig gesien wat ek ooit gesien het, geen moeder se gesig kon so lyk nie.” Gesê: “Hy het na my toe geloop, Sy arms om my gesit, en my teen Sy sy vasgedruk. En Hy het gesê: ‘Vader, dit is waar, dat Daniel Greenfield nie volmaak was in sy lewe nie, maar,’” gesê: “‘een ding wat Daniel Greenfield in sy lewe gedoen het, hy het vir My gestaan, en terwyl hy hier is, sal Ek vir hom staan.’”

¹⁵⁸ Broer, my kerk kan nie staan nie, my denominasie kan nie staan nie, my geregtigheid kan nie staan nie, en joune kan ook nie, ek wil maak soos die koningin van Skeba, ek wil staan, vanaand, vir die Here Jesus. As jy sterwend was vanaand, wie sou vir jou staan in daardie Heilige Plek? Dink daaraan, terwyl julle julle hoofde net 'n oomblik buig.

¹⁵⁹ Voor julle een bonatuurlike teken sien, voor Jesus kom om Homself enigsins meer as die prediking van die Woord te verklaar, hoeveel hier vanaand, sou julle hand opsteek, en sê: “God, plegtig, steek ek my hand op om te sê: ‘Ek sal hier vir U staan, staan U daar vir my, ek sal nou, met vrymoedigheid, my standpunt inneem, en aanspraak maak dat U dieselfde is’”? God seën jou daar, suster. God seën jou, jou, my broer, vir jou. Ja, kyk net na die hande. Veertig, vyftig hande, net hier in die twee middelste rye.

¹⁶⁰ “Ek sal my standpunt inneem, met vrymoedigheid, Here. Ek het die prediker vanaand hoor sê dat U dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, U het nie gesterf nie. Hulle het my vertel van hierdie diens, dat U inkom en optree en Uself hier onder die mense wys, en groot tekens wat U gedoen het in die tydperk van die Jode toe hulle verwerp is aan die einde van hulle geslag. Hulle sê vir my U doen dit weer. Here, ek het U Bybel gelees, ek weet dis reg, ek weet dis U belofte, voor ek sien dat dit gedoen word, glo ek wat die Woord gesê het, ek staan vanaand

vir U.” Steek jou hand op. Op die balkonne aan my regterkant, God seën julle almal daarlangs.

¹⁶¹ Aan die balkon aan my linkerkant, sal jy jou hand opsteek, sê: “Hierdie is my hand, Here, ek sal staan”? God seën julle, daarlangs. Wees opreg, onthou, hierdie mag die laaste geleentheid wees wat julle ooit sal moet staan. Voor die dag breek môre-oggend, mag die dokter by jou huis wees, jou pols neem, sy kop skud, en sê: “Daar’s niks wat gedoen kan word nie, dis ’n hartaanval.”

¹⁶² Jy voel daardie ysige are afkoel, die pols opkom in jou mou, en jy druk ’n sterwenskussing, “O, as ek net kan terugkom na daardie diens toe, nog een keer, daardie stem hoor sê: ‘Steek jou hand op!’” Mag dan te laat wees, hoekom doen julle dit nie nou nie?

¹⁶³ Sê: “Watter verskil maak dit oor . . . ?” God seën julle, onder deur hierdie paadjies. Ek sien julle. Hou net aan om julle hand op te steek. God sien elkeen van julle. “Ek staan.”

¹⁶⁴ Wanneer jy jou hand opsteek, wat doen dit? Dit wys vir God die dieptes van jou hart roep uit om genade. “Soos die hert smag na die waterstroom, so dors my siel na U, O God.”

¹⁶⁵ “Ek sal nou staan, Ewige en regverdigte God. Ek sal alles doen wat daar in my mag is om U te dien vir die res van my dae. Ek sal wees soos die koningin van die suide, ek sal net hier staan deur my hande op te steek in die teenwoordigheid van hierdie gehoor, ek sal vir U staan.”

¹⁶⁶ Sou daar nog ’n paar wees, net voor afsluiting, wat nie hulle hand opgesteek het nie, en onthou wil word in hierdie gebed? God seën jou daarbo, ’n jong dame, ja, tiener, dis goed suster, grootste ding wat jy ooit gedoen het. God seën jou hier, dierbare suster. Ja, jy’s nou net by daardie verandering van die lewe.

¹⁶⁷ God seën jou, daaragter, pa, met jou hande op. Hy sien jou, sekerlik, Hy doen dit. “Ek staan nou vrymoediglik vir Jesus in die uur van my dood.” God seën jou ver agter aan die agterkant, broer, Hy sien jou hand. Sekerlik, en jou naam gaan op die Boek, en daar’s nie genoeg besmetlikheid in die hel om dit te bedek nie. Dis reg. Dis geskryf deur die Bloed van Jesus Christus.

¹⁶⁸ “Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het,” teenswoordige tyd: “Ewige Lewe, en sal nooit in die oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe.” Hê geloof in God.

¹⁶⁹ Goed, julle wat julle hande opgesteek het, wees gereed vir gebed. Aanvaar Jesus nou. Onmiddellik na die genesingsdiens, wil ek julle hierbo sien om God te dank. As jy dit regtig uit jou hart uit bedoel het, toe jy jou hand opgesteek het, sal ek jou verseker deur die belofte van God, dat jou naam geplaas is op die Lam se Boek van die Lewe, en Jesus vir jou staan. As julle

dit bedoel het: “Hy wat My Woord hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het ewigdurende Lewe,” (Wat is ewigdurende Lewe, Ewige Lewe? Die Heilige Gees.), “en sal nooit in die oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe.”

¹⁷⁰ Vader God, U het hulle hande gesien, voor een ding gedoen is, het hierdie mense, op die Woord alleen, gekom en hulle hande opgesteek, baie van hulle, hulle U aanvaar het as hulle Verlosser. Dankie vir hulle, Vader, hulle is die trofeë van die boodskap, al kom hulle uit 'n senuweeagtige persoon, gebroke, maar tog het God dit geneem, en dit in die hart geplant, totdat twee of driehonderd hulle hande opgesteek het.

¹⁷¹ Ewige God, ek bid dat U seëninge op hulle rus, mag hulle net nou ewigdurende Lewe hê, vul hulle met die Heilige Gees. Moet hulle nooit wegwys nie, Here, en ek weet U sal nie. U het gesê: “Niemand kan na My toe kom, tensy My Vader hom eers trek nie. Almal wat kom, sal die ewige Lewe kry, en Ek sal hom oprig in die laaste dag.” En hulle is aan Jesus gegee as liefdesgawes van Sy Vader. Wie kan hulle uit die hand ruk? Niemand nie.

¹⁷² Ek bid nou, Vader, dat U hulle sal hou deur U genade tot daardie groot dag, wat môre mag wees, wat hulle in die Teenwoordigheid van God sal moet staan. Maak nie saak wat hulle ooit gedoen het nie, hulle kon so getrou wees, hulle kon so lojaal wees, hulle kon so ordentlik aantrek, so mooi optree, en by elke kerk aansluit, en verlore wees. Niks in ons hande bring ons nie, daar's niks wat ons kan doen wat enigiets sou verdien nie, ons vertrou net op U genade, wanneer ons dit doen, dan word ons lewe verander en dra vrugte van Christus.

¹⁷³ Skenk dit, Here, ek gee hulle nou vir U, bewaar hulle, Vader, bid ek. En as ek nooit hulle hand skud op hierdie aarde nie, mag ek die voorreg hê op daardie dag, wanneer ons oor die rivier gaan. Want ek vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

¹⁷⁴ Jammer om julle so lank te gehou het. Ek begin net, en ek weet net nie. . . Julle is sulke lieflike mense. Ek sê hierdie een ding: Julle suidelike mense, julle het regtig iets, ek was deur julle stede, in die klein plekkies, in julle winkels ingegaan, in die vulstasies ingegaan, die hande van die mense geskud, ek het nog nooit beter mense ontmoet nie. Dis reg. Wonderlik, goeie ou, suidelike handdruk, en 'n klein: “Julle moet by ons kom kuier.” Dis net so Amerika soos okkerneuthout gerookte ham en sorghum molasse, dis—dis regtig waarvan ek hou. Sommige van die beste ou harte wat ooit klop, is onder 'n ou, blou hemp, hierbuite in 'n katoenland iewers, julle weet dit, regtig. God seën julle, is my gebed.

¹⁷⁵ Nou, ek het nooit hiernatoe gekom as 'n bedrieër nie, ek sal liewer tuis wees vanaand, Ek sal liewer by my ou tabernakeltjie daaronder wees, met hulle praat, of iewers buite op die oewer, visvang, ek sal liewer enige plek wees, as om hier te wees en 'n

skynheilige of 'n bedrieër te wees. Wat sal dit al my pogings help, en ek wat so moeg hier staan, ek kan skaars sien? Wat sou dit my help om hier te staan en dan 'n bedrieër te wees? "Gaan weg van My, jou werker van ongeregtigheid, Ek het jou nie eens geken nie," sou my lot wees. God weet. Ek kom nie vir geld nie, dis nie gewildheid nie, ek vermy dit. Wat is dit? Omdat, God, ek Hom liefhet, Hy het vir my 'n Boodskap gegee om vir julle te bring, en ek doen dit so goed as wat ek weet hoe, ontvang julle Dit, Dis vir julle. Sekerlik, eerlike hart, sou God dit openbaar.

¹⁷⁶ Nou, dis amper onmoontlik om 'n gebedsry hierbo te kry, net om te sê. . . Dit sou nie reg wees vir my om te sê: "Ek sal hierdie klomp *hierbinne* neem, ek sal hierdie eerste vyf rye neem nie." Dit sou nie reg wees nie. Dit sou nie reg wees om te sê: "Ek sal daardie eerste rye voor neem," nie. Dit sou nie reg wees nie, dit sal *hierdie* uitlos. Ons moet gebedskaartjies uitgee om die mense in 'n ry te hou.

¹⁷⁷ Ek sou reken daar's sewehonderd mense hier vanaand, miskien, en dan in sewehonderd mense, sou ek sê daar's ten minste vyfhonderd van hulle wat voor gebid wil word. Wil julle dit sien? Elkeen hierbinne wat gebed van God wil hê, steek jou hand op. Ek sal julle wys. Almal, wees eerlik. Daar het julle dit. Ek sou sê seshonderd vyf-en-negentig wil voor gebid word. Nou, ek kan hulle nie almal neem nie. En wie gaan eerste wees?

¹⁷⁸ Nou, ek het altyd, wanneer ons na die dienste toe sou gaan, sou ons. . . [Leë kol op band—Red.] Broer Bosworth het vir my gesê. . . [Leë kol op band.] . . . een terwyl ons daar is. Wel, diegene wat die eerste dag daarbinne is, hy het daar gekom, as hy nie daar was nie, as hy die tweede dag ingekom het, noodgeval, of enigiets anders, het hy dit nie gekry nie, hy het geen kaartjie gehad nie. Dit was nie reg nie.

¹⁷⁹ So toe het ons gesê, die volgende ding wat ons sou doen, ons sou gebedskaartjies uitdeel aan, elke dag, elke dag 'n nuwe klomp kaartjies uitgee. Diegene wat die vorige dag was, ons sou hulle kanselleer. Enigiemand wat 'n gebedskaartjie gehad het, gooi net hulle ou een weg, wat 'n nuwe een, sal reg wees, en ons sou hulle uitgee soos daardie.

¹⁸⁰ Toe het dit so geword, dat as jy nie het nie. . . as hulle verby twintig of vyf-en-twintig gegaan het: "Ek wil nie daardie een hê nie," gooi dit weg, "dit sal nooit geroep word nie, want hulle roep nie meer as twintig of vyf-en-twintig nie." Partymaal kom ek nie by twee of drie nie. Maar gesê: "Dit sal nooit geroep word nie. Nee."

¹⁸¹ So toe, kon ons dit nie doen nie. So toe het ek gesê: "Wel, ek sal julle sê wat ons sal doen. Ons sal die gebedskaartjies uitdeel elke dag, op dieselfde manier, want dis net, en ek sal 'n klein kindjie van die voorste ry af neem en hulle laat tel, en waar hulle ook al ophou tel, sal ons van daar af begin." Glo dit of nie,

mamma het junior daarbo gesit, reg by haar nommer gestop, ons werk steeds met mense. Dit sal nie werk nie.

¹⁸² So toe, die manier wat ons dit begin doen het, ons het elke dag die gebedskaartjies afgestuur. Die kêrels, ek het drie hier wat hulle kan uitgee. Die drie: die twee bandopname kêrels, Gene en Leo, en Billy. Die predikers doen dit nie, want as hulle dit doen, sal hulle kwade gevoelens veroorsaak as hulle nie by hulle predikervriende uitkom nie.

¹⁸³ Hierdie is twee kêrels wat by die diens is. Hulle kom af voor die mense en skommel al daardie kaarte, elkeen van hulle, gee enigiemand 'n kaartjie wat hulle wil hê. Die seun weet nie waar die ry gaan begin nie. Die man weet nie eens watter gebed hy kry wanneer hulle uitkom nie. En so, op daardie manier, in die aand, weet ek nie; niemand kan enigiets weet nie. Wanneer ons kom, waar die Here ook al op my gedagte lê, begin ek van daar af.

¹⁸⁴ Nou, ek is gekritiseer, sê: "Oral Roberts sal vir vyfhonderd bid, terwyl jy vir drie bid." Dis reg. Maar God doen. . . Oral Roberts doen wat God vir hom gesê het om te doen, en ek doen wat God vir my gesê het om te doen. Sien? Ek is nie Oral Roberts nie, en Oral Roberts is nie ek nie, ons is twee diensknegte van Christus met twee verskillende bedienings.

¹⁸⁵ Maar op my manier. . . Sien, oplegging van hande, verdra my, predikers, dis 'n Joodse tradisie, is nooit vir die Heidene gegee nie. Kyk, Jaiirus het gesê: "Kom, lê U hand op my kind, en sy sal lewe." Dit was 'n Jood.

¹⁸⁶ Die Romeinse hoofman oor honderd het gesê: "Ek is nie eens waardig dat U onder my dak kom nie, spreek net die Woord." Daar's die Heiden.

¹⁸⁷ Jesus het omgedraai en gesê: "Ek het nog nie sulke geloof in Israel gesien nie."

¹⁸⁸ Maar ons word daardie tradisies geleer: "Lê hande op die siekes. Lê hande op die siekes." Broer Roberts, staan daar, en lê hande op die siekes, lê hande op die siekes, groot persentasie van hulle het reguit teruggekom na my gebedsry, wil weet wat verkeerd is, julle sien. Daar het julle dit. Werk stadig. . .

¹⁸⁹ Ek wil vir julle iets vra: As jy na 'n dokter se kantoor toe gegaan het, en jy het gesê: "Dokter, ek het die heelyd 'n aanhoudende hoofpyn," en hy het vir jou 'n aspirien gegee en jou huis toe gestuur, dit sou nie 'n dokter wees nie, hy wil jou net uit sy kantoor uitkry. 'n Regte dokter sou daardie geval diagnoseer, totdat hy uitgevind het wat daardie hoofpyne veroorsaak, dan wanneer. . . Jy kan nie 'n geneesmiddel hê voor jy die oorsaak vind, waar dit sal werk nie. Is dit reg? Dis waarom ek stadig is, ek kyk.

¹⁹⁰ Wat as God 'n vloek op iemand geplaas het, en ek het gekom met 'n gawe en dit afgehaal? Sien? Nie. . . Wat van. . . ? Weet jy

jy kan jouself in die moeilikheid laat beland met gawes? Dis waarom profetiese boodskappe en profetiese mense baie vreemd en streng is.

¹⁹¹ Kyk na Moses, glo julle Moses was 'n profeet? God het hom vertrou. Gesê: "Gaan soontoe en praat met daardie Rots, moet Dit nie slaan nie, praat Daarmee." En Moses het soontoe gegaan en kwaad geword en die Rots geslaan. Hy het die water gebring, of dit die wil van God was of nie. Is dit reg? En dit het die Skrifte gebreek. Een plek in die Skrif vind ek dit is geskryf: Christus moes twee keer geslaan word. Die water het wel gekom, maar God het met Moses afgereken. Is dit reg?

¹⁹² Hoeveel onthou vir Elisa? Hy was 'n jong kêrel, wat vroeg kaalkop geraak het, en toe hy daar deurgedaan het, het hulle hom nie geglo nie, hulle het nie geglo Elia het opgegaan nie, so hulle het hom begin terg, gesê: "Ou kaalkop, ou kaalkop, hoekom gaan jy nie op nie?" Het daardie kindertjies laat uithardloop. En Elisa het omgedraai, daardie profeet, en 'n vloek op daardie kinders geplaas in die Naam van die Here, en voor hulle by die huis gekom het, het twee wyfiebere twee-en-veertig klein, onskuldige kindertjies doodgemaak. Nou, dis nie die geaardheid van die Heilige Gees nie, julle weet dit, sien, maar dit was 'n profeet wat kwaad geword het. Jy moet dophou wat jy doen.

¹⁹³ Daardie... Pinkstermense, laat ek dit sê met liefde: "Dis waarom julle nêrens kom nie. Sien? Julle het gawes. Julle, Baptiste, net dieselfde, die gawes is in die Kerk, God het die Kerk gegee, die krag, maar Hy het dit nooit weggeneem uit die Kerk nie.

¹⁹⁴ Ek kan julle wys waar Hy dit vir die Kerk gegee het, wys julle my waar Hy dit weggeneem het. Julle het die krag, maar julle weet nie hoe om dit te gebruik nie, julle is nie eerbiedig genoeg nie. Dis waarom julle almal in tale praat, julle gebruik dit net op enige manier. Oneerbiedig, party praat in tale, ander een doen *hierdie*, en net soos 'n Babilon, moet dit nie doen nie. Plaas daardie dinge op hulle plekke, plaas al julle gawes daarin, julle leraars, julle apostels, sit alles op hulle plek, en werk dan in ordentlikheid en in orde, julle sal vind God is 'n God van orde, en dan sal Hy die ding reguit opbring.

¹⁹⁵ Dis wat die mense bang gemaak het vir julle, want dis hoe julle opgetree het met wat God julle gegee het. Sien? Eerbiedig daardie gawes, moet hulle net nie 'n klein, onbetroubare ding maak nie. Beproof hulle, as hulle van God is, as hulle bewys om God te wees, dan is hulle van God; as hulle nie is nie, kry die ding van julle af weg, julle wil dit nie hê nie. Waarom 'n plaasvervanger aanvaar, wanneer die Pinksterhemele vol is van die egte? Dis wat die probleem is.

¹⁹⁶ Julle weet, ek wil graag 'n groot tent bring en dit hier vir 'n rukkie opslaan, reg onder julle goeie mense, en net bly sodat ons

'n middagonderrigdiens kan hê onder predikers, en dinge, en die kerke opgestel kry, julle weet. Wat . . . Ek glo die Heilige Gees sal ons help om dit te doen.

¹⁹⁷ Die Here seën julle, ek moes nie daarop afgegaan het nie, maar in elk geval, in ons kerkie, as enige man gedink het hy het in tale gepraat, iemand het gedink hy het, en iemand het 'n gawe gehad, as in daardie gawes nie 'n uitlêer was nie, is hulle nie toegelaat om in die gemeente te praat nie. Vind uit of dit nie die Skrif is nie. Hulle het 'n plek gehad waar hulle ontmoet het, al die gawes, hulle het bymekaargekom, ure voor die kerk ooit gekom het. Ek was in die studeerkamer, en wanneer hulle daar ingegaan het as een in tale gepraat het, wag, 'n ander een gee uitleg. Dit kon nie die Skrif herhaal nie, God het gesê: "Moenie ydele herhalings gebruik soos heidene maak nie." Hy het dit alreeds geskryf, dit moet 'n direkte boodskap aan iemand wees.

¹⁹⁸ Dan voor dit ontvang kan word, dan moes twee of drie getuies, ten minste drie, twee uit drie getuig dit was van God, of dit is nie ontvang nie. As hulle gesê het: "Dis van God," het hulle dit neergeskryf, het hulle hulle naam daarby geteken. "SO SPREEK DIE HERE: Môre om twee-uur, sê vir Broer Jones om weg te beweeg van daardie treinspoor af, daar gaan 'n ongeluk daarbuite wees, sy huis sal in die ongeluk wees." Hulle het dit neergeskryf, hulle het gedink dit was van God. Goed.

¹⁹⁹ Dan na 'n tyd, het 'n Gees van profesie miskien onder hulle gekom. Dit was nie in die hoofouditorium waar sondaars en dinge gesit het nie, dit was in hulle eie kamer, die gawes wat werk. Dan voor jy jou kom kry, het een of ander profesie een getref.

²⁰⁰ Nou, daar's 'n groot verskil tussen 'n gawe van profesie en 'n profeet. 'n Gawe van profesie mag op een wees vanaand, nooit weer nie, op 'n ander die volgende aand, dis daardie nege geestelike gawes wat in die liggaam werk, maar 'n profeet word as 'n profeet gebore, regdeur hulle lewe is dit SO SPREEK DIE HERE. 'n Gawe van profesie moet geoordeel word, maar jy het nog nooit enigiemand voor Jesaja of Jeremia sien staan om hulle te oordeel nie. Nee. Maar die Bybel het gesê: "As een profeteer, laat twee of drie beoordeel of dit reg is of nie." Sien, Satan kan daar inglip.

²⁰¹ En dan, het hierdie onderskeiers met die gees van onderskeiding, dan gesê: "SO SPREEK DIE HERE: Vanaand sal daar 'n vrou van 'n sekere plek af kom, sy sal 'n groen serp oor haar kop hê, sy sal ingebring word, sy's van Ohio, en laat Broer Branham hande op haar lê, maar eers, voor hy dit gedoen het, sê vir hom om vir haar te sê dat toe sy 'n tesourier in 'n sekere kerk was, het sy geld gesteel, dis waarom sy verlam is, maak dit reg, God sal haar genees."

202 Onderskeier het opgestaan, gesê: “Dit was van God.” Die ander een het gesê: “Dis van God.” Goed, hulle skryf daardie boodskap neer. Wanneer dit by die platvorm gekom het, het ’n gonsertjie uit my studeerkamer gelui, ek het uitgestap, hier was hierdie profesieë, ek gee dit vir die mense, net soos dit hier geskryf is, met die man met onderskeiding daaroor. Reg. Geen foute nie. Daar was hulle.

203 Dan, as die vrou hier ingekom het daardie aand, sy was in ’n rolstoel, bed, wat dit ook al was, sy word soontoe gebring, groen serp, die hele gemeente het daarvoor gekyk, daar was sy. Ek het gesê: “Dame, jy het geld gesteel uit die tesourie, toe jy ’n —’n jong . . .”

“Dis reg, Broer Branham, dis reg. God vergewe my, ek sal dit regmaak.”

“Staan op jou voete, Jesus Christus maak jou gesond.” Daar was dit.

204 “Broer Jones, beweeg weg, môre om twee-uur, gaan dit gebeur.” Goed, hy beweeg weg, dit gebeur. Mooi, ons dank die Here, gaan voort.

205 Maar wat as dit nie gebeur nie? Nou is daar ’n bose gees onder hulle. Hulle kry dit nie meer totdat hulle daardie ding wegbid nie. Hulle . . . Ek het gesê: “Julle wil nie daardie gees op julle hê nie, julle wil geen dwaasheid hê nie, julle wil geen bedrog hê nie, julle wil die regte Heilige Gees hê, of dit glad nie gee nie. Daar het julle dit.

206 Plaas jou kerk in daardie soort orde, kyk tot waar Pinkster opkom. Sien? Dis . . . Dis hoe Paulus dit gedoen het, dis hoe dit gedoen word in die Skrif. Maar nie net terwyl iemand praat, staan een op en praat in tale, gaan om ’n altaar-oproep te maak, praat ’n ander een in tale, geen uitleg nie, om . . . Wel, dis . . . Geen wonder dis Babilon nie. Julle het iets wat eg is, en die buitewêreld is honger daarvoor, maar nie die manier wat julle dit vir hulle gee nie. Dis reg. Hulle verlang om God te vind.

207 Ek’s self ’n Baptis, ek werk met Baptiste, Presbiteriane, hulle sit daar in my kantoor by die dosyne. Hulle wil dit hê, maar dis hoe julle dit aanbied. Gaan julle terug na die Bybel, doen dit soos God gesê het, dan sal die hele wêreld begin honger om soos julle te wees. Amen.

208 Moenie vir my kwaad word nie. Ek’s julle broer, ek het julle lief. Dis die Woord van God, doen julle dit en vind uit wat gebeur. Daar sal geen foute wees nie, God is net daar om te bevestig dat wat Hy sê, waar is.

209 Nou, daar’s ’n honderd gebedskaartjies. Waar is die kêrels? Hoeveel . . . ? Watter kaartjies het hulle vandag uitgegee? O, ek’s jammer, ek net . . . Hoe sê? I. I, een tot ’n honderd? Waar het ons begin? Ons het geroep vanaf . . . Waar het ons nou die aand begin?

[’n Broer sê: “Een.”—Red.] Een? Kom ons begin dan van êrens anders af vanaand. Dis gebedskaartjie, I, soos julle oog [Eng. “Eye”—Vert.] hier.

210 Ek, kom ons begin by vyftig. Wie het I, vyftig? Steek jou hand op. Miskien is dit . . . Jy seker jy het gegee tot ’n honderd? Miskien sal ons dan êrens anders begin. Goed. Ons sal begin by . . . O, ek’s jammer. Jammer. Goed. Gebedskaartjie, I, vyftig, kom hiernatoe. I, een-en-vyftig, steek jou hand op, as jy sal. I, een-en-vyftig, waar is jy? Gebedskaartjie, I, een-en-vyftig.

211 Kyk, iemand kyk . . . Is hierdie . . . ? Daar’s twee mense hier in die stoele. Het julle kaartjies? Goed. Enige een dan, kan julle albei julle hande gebruik? Goed. Goed. Sien, dit mag iemand wees wat doof is, nie kan hoor nie. Kyk rond na jou buurman se kaartjie. I, een-en-vyftig. Het . . . ? Ek’s jammer, ek . . . Wel, dis goed, mag ’n dowe persoon wees. Goed. Party . . . Kom hiernatoe.

212 I, twee-en-vyftig, steek jou hand op. Sien, ons . . . Hierdie is nie nou ’n arena nie. Twee-en-vyftig. Dankie, suster. Drie-en-vyftig. Kom reguit hiernatoe, dame. Drie-en-vyftig. Wie het I, drie-en-vyftig? Steek jou hand op. Goed, dame. I, vier-en-vyftig. Vier-en-vyftig, steek jou hand op, asseblief. Vyf-en-vyftig. Kom reguit oor na my regterkant toe. Vyf-en-vyftig. Wie het . . . ? Het . . . ? Was joune Vyf-en-vyftig, die dame hier? Vyf-en-vyftig. Ses-en-vyftig. Wie het I, ses-en-vyftig? Goed, dame. Sewe-en-vyftig. I, sewe-en-vyftig. Steek jou hand op, vinnig. Sewe-en-vyftig. Agt-en-vyftig. Steek jou hand vinnig op, asseblief. Nege-en-vyftig. [Leë kol op band—Red.]

213 “Wie het My aangeraak?” Het enigiemand ooit daardie storie gelees? Goed. “Wie het My aangeraak?”

En Petrus het Hom bestraf, hy het gesê: “Moenie sê: ‘Wie het U aangeraak nie?’ Wel, Here, almal raak aan U.”

214 Hy het gesê: “Maar Ek merk dat daar deug van My uitgegaan het.” Hy het swak geword. Hoeveel weet *deug* beteken “krag”? Sekerlik. Krag. “Ek het swak geword.” En Hy het rondgekyk totdat Hy die vrou gevind het, vir haar gesê wat haar probleem was, en haar gesond verklaar, gesê haar geloof het haar gesond gemaak. Is dit reg?

215 Nou, sê die Bybel dat Jesus Christus dieselfde is, gister, vandag, en tot in ewigheid, Hebreërs 13:8? Sê die Skrif dat Hy net nou ’n Hoëpriester is, wat geraak kan word deur die gevoel van ons swakhede, die Een, wat ek julle vertel het, nie by die tempel van Salomo nie, maar by die huis van God, wat sit aan die regterhand van God, Sy vleeslike liggaam, wat voorspraak maak volgens ons belydenis, ’n Hoëpriester, wat geraak kan word deur die gevoel van ons swakhede? Sê die Bybel dit in die Boek van Hebreërs? Wat sê julle, predikers? Is dit reg? Dan as Hy dieselfde Hoëpriester is, sou Hy dieselfde moes optree as Hy aangeraak

word. Is dit reg? Hoe sou Hy dan optree? Hy sou dieselfde ding sê.

²¹⁶ Nou, as julle mense hier in julle sitplekke sal bly, eerbiedig wees, nie rondbeweeg nie, net eerbiedig wees, en baie stil wees, en net na God kyk, en sê: “Here, ek het in die Bybel gelees, en sedert Maandagaand se byeenkoms het ek daardie ding ondersoek, ek sien dat dit presies die waarheid is. Hoeveel weet dat dit die waarheid is? Hoeveel wat die Bybel gelees het, sê dis die waarheid?”

²¹⁷ Jesus het belowe dat hierdie dag, dat Hy weer Sy Gees sou uitstort vandag, en die profeet het gesê: “Soos die son geskyn het in die ooste, en daar sou ’n dag wees wat nie dag of nag sou wees nie, maar in die aandtyd sou dit Lig wees.” Hoe ons deur daardie Skrifte gegaan, en gewys het hoe Jesus in die afsluiting van daardie Joodse tydperk Homself so voorgestel het, en by die Heidene verbygegaan het! Hulle het nie gesoek dat Hy sou kom nie, maar vandag soek ons dat Hy sal kom. Soek ons? Goed.

²¹⁸ Dan, as God op die toneel geroep word om op te tree, en die manier waarop Hy optree, Sy besluit die eerste keer maak, as Hy oneindig en volmaak is, elke keer wat Hy op die toneel geroep word, sal Hy op dieselfde manier moet optree, of Hy het eers verkeerd opgetree. Is dit reg? Toe aan die einde van die Heidense tydperk, as ons in die Heerlikheid kan ingaan net op ons geloofsbelydenisse en denominasies, en die Israëliete, die Jode is nie toegelaat om dit te doen nie en die teken van Hom moes aanvaar, wat hulle ’n fortuinverteller genoem het, om hulle te veroordeel, en die Heidene daarsonder ingekom het, dan is Hy ’n onregverdig God wat met een volk op *een* manier optree, en ’n ander volk op ’n *ander* manier. Sien? Hy kan dit nie doen nie. Hy moet God wees, en Hy moet dieselfde optree in elke geval. Nou, as Hy dit doen, hoeveel sal Hom liefhê, en Hom ontvang? Goed.

²¹⁹ Die Gees van God is op my as Sy nederige dienskneg om te preek in die Naam van Sy Seun, Jesus. Die Engel van die Here, wat julle op die foto sien, is hier by hierdie platvorm, SO SPREEK DIE HERE. En ek neem elke gees van elke persoon hierbinne, onder my beheer, tot die Eer van God. Doen soos julle gesê word om te doen, julle sal die Heerlikheid van God sien. Wees eerbiedig.

Goed. Frank, is hierdie—is hierdie die man? Goed.

²²⁰ Sover ek weet, is daar nie ’n persoon hier wat ek ken, buiten Dr. Vayle, wat ek kan sien nie. Almal hierbinne is vreemdelinge vir my. Maar kyk julle nou na Christus. Vind uit, as daardie Engel van die Here, daardie Vuurkolom, daaragter, as dit dieselfde Gees is wat op Jesus Christus was, sal Dit Sy Lewe vanaand voortbring. As dit enige ander lewe voortbring behalwe Syne, is dit nie Hy nie. As Dit gebeur, elke boom word geken aan die

vrugte wat dit dra. Dan is daar 'n wetenskaplike wêreld wat dit weet, en die Kerk weet dit. Wat sal jy daarmee doen?

221 In die Bybel was daar 'n man met die naam van Filippus, wat gegaan het en sy vriend Natánael gevind het, en hom na die diens toe gebring het die eerste keer wat Jesus ooit vir Natánael ontmoet het, en Hy het vir hom gesê: “Jy is 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!”

222 Hy het gesê: “Wanneer het U my geken, Rabbi?” En Hy het vir hom gesê waar hy was, of iets wat op sy hart was voor hy na die diens toe gekom het, en hy het Hom herken as die Christus.

223 Sal jy dieselfde ding doen, jong man? Ek ken jou nie. Is ons vreemdelinge vir mekaar? [Die broer sê: “Jy het so pas met my gepraat vanmôre op pad na die ontbyt.”—Red.] Ek het met jou gepraat, vanmôre op pad na die ontbyt, al wat ek gesê het: “Aangename kennis?” of so-iets. Dis die enigste ontmoeting wat ons ooit gehad het. Ek het net so min van 'n idee waarvoor jy daar is nie, meneer, as niks in die wêreld nie. Jy's net 'n jong man, is al wat ek weet. God weet. Ek het nie met jou gepraat, of enigtiens vir jou gesê, of jou enige vrae gevra, of jy het my niks vertel nie. Is dit reg? Dis reg.

224 As die Here vir my sal sê wat jou probleem is. . . Nou as ek gesê het: “Jy's siek,” gaan my hande op jou lê: “jy gaan gesond word,” kan jy dit glo. Maar dan, wat as die Here teruggaan in jou lewe, en iets kry waarvan jy weet waarvan ek niks weet nie? Dan jy. . . Dit sal 'n wonderwerk moet wees. Enigiemand weet 'n wonderwerk is iets wat nie verduidelik kan word nie. Dit sou 'n groter wonderwerk wees as vir hierdie, my broer wat hier sit, om op te staan uit die rolstoel en te loop vanaand, of om so te bly, groter wonderwerk. Nou, as Hy dit doen, wat doen dit dan?

225 Nou, hier is ek. Besef julle waar ek staan, julle Christene? Wil enigiemand hiernatoe loop en hierdie plek inneem? Jy's welkom. Neem die gebedsry, jy's welkom. Almal in daardie gebedsry wat weet dat ek jou nie ken nie, steek julle hande op, elkeen van julle in daardie gebedsry. Sien? Almal. Almal hierbuite, wat weet ek ken julle nie, steek julle hande op.

226 Nou, sien, geen fout nie, dit moet nou God wees of ek het 'n leuen vertel. Maar as jy vir Hom staan, sal Hy vir jou staan as jy geroep is om dit te doen.

227 Nou, hier is ek, my hande na God, ons glo nie daarin om te sweer nie, maar albei van ons het ons hande opgehad dat ons nog nooit tevore in die lewe ontmoet het nie, net 'n man wat hier na die platvorm toe geloop het. As die Here God aan my sal openbaar waarvoor jy hier is. . . As jy siek is, kan ek jou nie genees nie, want ek het geen krag om jou te genees nie. Maar as die Here God vir my sou sê waarvoor jy hier is, jou probleem, soos Hy het vir die vrou by die put, of so-iets, sou jy glo dat

Hy jou liefhet, en jou sou wou gee wat jy begeer? [Die broer sê: "Ja."—Red.] Goed. Dis goed.

228 Sou die res van die gehoor dit glo, wanneer julle my en die seun hier albei sien, langs God se Bybel hier, met ons hande in die lug, wat ek nog nooit tevore ontmoet het nie, net soveel as wat hy gesê het: "Aangename kennis?" vanmôre, ek gesê het: "Aangename kennis?" vir hom, nie?

229 Nou, daar moet iets gebeur, nou, hier is dit: God moet spreek of ek is 'n leuenaar, en as Hy dit nie doen nie, dan is Sy Woord verkeerd, want Hy het belowe Hy sou dit doen. Hy het gesê: "Ek is die Wynstok, julle is die lote. Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen."

230 Nou, aan julle daarbuite, wat nie gebedskaartjies het nie, bid julle, sê julle: "Here, laat hom na my toe draai soos hy daar gedoen het. Ek mag 'n bietjie skepties wees, Here, maar vergewe my, en laat hy vir my sê, ek weet hy ken my nie, dit sal al die twyfel uit my hart wegneem." Kyk of Hy dit nie doen nie.

231 Soos ek sê, ek het jou nog nooit ontmoet nie. Ons is waarskynlik jare uitmekaar gebore, myle uitmekaar, en ons eerste keer om 'n gesprek te voer. Maar as die God van die Hemel, Wat jou jou hele lewe lank gevoed het, wat jou ken, en Hy ken my, as Hy vir my jou probleem sal vertel, sal jy glo dat ek Sy profeet is, of, Sy dienskneg?

232 As die gehoor nog steeds my stem kan hoor, die jong kêrel wat baie, 'n hele paar voet van my af staan, maar tussen my en hom staan daardie Lig, en die jong man is bewus dat iets aan die gang is. Wat dit is, ek sien 'n . . . hy staan nie hier vir homself nie, ek sien 'n kind verskyn, dis 'n dogtertjie, sy het polio, in sy familie. God seën jou, seun. Mag die Here God aan jou jou versoek gee, is my gebed. Amen. God wees met jou, seun.

233 Glo julle? Wat is dit? Die koningin van die suide het van die uiteindes van die aarde af gekom om die wysheid van Salomo te hoor deur 'n gawe, en kyk meer, nou nie ek nie, meer as Salomo is hier, die Heilige Gees, dieselfde Heilige Gees, die Heilige Gees wat op Christus was, wat in Sy Kerk werk. As daardie jong man nooit sou geglo het nie, sou dit nooit gebeur het nie.

234 Hierdie vrou hier, ek ken jou nie, dame, ek het jou nog nooit in my lewe gesien nie. Hierdie is ons eerste ontmoeting, is dit? As dit is, sal jy net jou hand opsteek? Goed. Neem Johannes 4, net nou, as 'n voorbeeld, kyk of Jesus vandag lewe, of Hy opgestaan het uit die dood. 'n Man en 'n vrou het die eerste keer in die lewe ontmoet, 'n Samaritaanse vrou, en 'n Joodse man. Jesus het by die put gesit, die vrou het nadergekom om water te skep. Hy het haar gevra vir water om te drink, sy het gesê: "Dis nie die gebruik nie, segregasie."

235 En Jesus het met haar begin praat, totdat Hy gevind het waar haar probleem was, en Hy het vir haar gesê waar haar probleem

was. Hoeveel het al ooit die storie gelees? En Hy het vir haar haar probleem vertel, gesê: “Gaan, haal jou man en, kom hiernatoe.”

Sy het gesê: “Ek het nie een nie.”

“Dis reg, jy het vyf.”

²³⁶ En sy het gesê: “Meneer,” sy het Hom nooit ’n duiwel genoem nie, sy het Hom nooit ’n fortuinverteller genoem soos die predikers het nie, sy het gesê: “Meneer, ek sien dat U ’n profeet is.” Sy het meer van God af geweet as wat die predikers het, al was sy ’n prostituut. Sy het gesê: “Ek sien dat U ’n profeet is. Ons weet wanneer die Messias kom, sal dit die teken van die Messias wees, die Messias sal ons alles vertel.” Sê die Bybel dit? Sê: “Amen,” as Dit so is. Sekerlik. Dan as dit die teken van die Messias was, dan, as Hy opgestaan het uit die dood en lewendig is, is dit die teken van Messias vanaand, want Hy’s dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

²³⁷ Nou, hier is die vrou, ons is nie dieselfde ouderdom nie, eerste keer wat ons ooit ontmoet het; het jou nog nooit in my lewe ontmoet nie, weet niks van jou af nie. En as God die geheim in jou hart aan my sal openbaar, dan sal dit deur een of ander krag moet kom, sal van jou afhang om . . . As jy sê dis die duiwel, dan kry jy sy beloning; jy sê dis God, kry jy Sy beloning. Ek ken jou nie, God wel, ek’s net ’n man.

²³⁸ Die dame, as die gehoor nog steeds my stem kan hoor, dit lyk of sy my verlaat, sy’s baie bewus dat daar iets aangaan. En die vrou ly aan iets verkeerd met haar voete, sy het ’n voetprobleem. Dis reg. As dit reg is, steek jou hand op.

²³⁹ Hoe sou ek dit weet? Sou julle sê ek het dit geraai? Laat ek vir julle wys. God gee dit, as Hy sal. Wees eerbiedig. Sy’s ’n goeie persoon, laat ek net ’n bietjie langer met haar praat, as ons die ry ’n bietjie moet onderbreek, met haar praat, sodat julle sal sien.

²⁴⁰ Ek weet nie wat ek vir jou gesê het nie. Wat dit ook al was, was die waarheid, want dit was nie ek wat gepraat het nie, dit was Iets anders wat gepraat het. Ek sou net soos daardie mikrofoon wees, stom, tensy iets daardeur praat, kan dit nie praat nie. Ek kan niks verkeerd sien met jou, of oor jou, sonder om dit te weet nie, tensy Iets deur my gepraat het nie, dit sou moes wees.

²⁴¹ Glo jy dit was God? Jy glo? Dankie. “Jy sal groter dinge as hierdie sien,” dit het Jesus vir Natánael gesê. Ja, ek sien die vrou terugkom, dis haar voete, en sy’s . . . hulle is erg. En sy het een, twee, drie operasies op daardie voete gehad. Dis reg. En terloops, jy’s ’n verpleegster, om mee te begin. Dis reg. Jy moet op jou voete staan. Dis waar. Glo jy dat ek God se profeet is? Ek sê jou iets anders, jy’s ’n kerklidmaat, jy gaan kerk toe. En jou kerk, jy’s ’n Baptis, dis SO SPREEK DIE HERE. As dit reg is, steek jou hand op. Gaan huis toe en word gesond, jou geloof maak jou gesond. Amen.

Glo julle? Hê net geloof in God.

²⁴² Ons is vreemdelinge vir mekaar, veronderstel ek, dame, ons eerste ontmoeting. As die Here God. . .

²⁴³ Nou, iets het gebeur, net 'n oomblik. Ek het 'n donker skaduwee sien verbygaan in die Gees, en dit is nie hierdie vrou nie. Nou, iemand het Hom aangeraak.

²⁴⁴ Oorkant in 'n hoek hier, epilepsie. Jy het epilepsie, het jy nie, dame? Val om. Dit was daardie donker gees. Moenie bekommerd wees nie. Glo jy God met jou hele hart? Gaan huis toe en hulle sal jou verlaat. Hê geloof in God.

²⁴⁵ Ek wil sien, net 'n oomblik. Dame, het jy 'n gebedskaartjie gehad? Jy het nie 'n gebedskaartjie nie? Jy het nie 'n gebedskaartjie gehad nie. Ek ken jou nie, ken ek? Jou nog nooit geken nie, jy het nog nooit 'n gebedskaartjie gehad nie? Goed, maar jou geloof, jy het iets aangeraak. Wat het jy aangeraak? Jou geloof het die Hoëpriester aangeraak, Hy het omgedraai. Die duiwel het ontsteld geraak, dis wat gebeur het. Weier dit net, wanneer dit weer begin, weier dit net, loop weg, jy sal gesond word.

²⁴⁶ Jy dame, glo jy dat ek Sy dienskneg is? As God aan my sal openbaar waarvoor jy hier is, sal jy glo met jou hele hart? Jy ly, een ding, aan iets wat om jou arm sit. 'n Dokter pomp op. . . Dis hoë bloeddruk. Dis reg. Ek sien jou in 'n dokter se kantoor, hy pomp die bloed op, en hy sê, dis hoë bloed, te hoog vir jou ouderdom. Dis reg. Soort van gesette man. Dis korrek. Nou, jy weet ek sou dit nie weet nie, ek was nie daar saam met julle nie; maar ek was net 'n oomblik gelede, God weet alles wat jy gedoen het. Glo jy, nou?

²⁴⁷ Net 'n oomblik, daar's iets anders ook verkeerd met die vrou, want ek sien hom iets anders doen. Ja, hy het ondersoek, jy het 'n hartprobleem. Dis die waarheid. En jy het 'n velprobleem, en daardie velprobleem is vreemd, dis onder jou arms. Dis reg. En jy het probleme met jou kop. Glo jy God weet wie jy is? Mev. Pearl. Dis presies reg. Gaan huis toe, Jesus Christus maak jou gesond. Amen.

Julle weet wanneer dit gebeur. Hê net geloof in God.

²⁴⁸ Dierbare suster, ek ken jou nie. Het jou nog nooit in my lewe gesien nie, maar God ken jou. As God aan my sal openbaar waarvoor jy hier is, sal jy glo dat ek Sy dienskneg is en sal dit aanvaar? Waarvoor jy hier is, vir my om voor te bid, is jou oë.

²⁴⁹ Nou, iemand gaan sê: "Sekerlik, sy het 'n bril opgehad, dis waarom hy dit gesê het."

Nee, dit was nie. Laat ons uitvind.

²⁵⁰ Jy het senuweeprobleme, ook, 'n slegte senuweeagtigheid. Dis reg. Oë en senuweeagtigheid. Mev. Matthews, jy kan op jou

pad huis toe gaan en gesond wees, Jesus Christus genees jou. Dit het al die twyfel weggeneem, het dit nie? Amen.

Hê geloof in God, moenie twyfel nie.

251 Nou ek's (Sien julle dit?), word so swak, die gehoor het het soort van begin verblind word vir my. Glo nou net, hê geloof. Nou, die . . . Jesus, hier by die platvorm, wat op hierdie manier werk, is net dieselfde Jesus daarbuite. Glo julle dit?

252 Die dame wat net daar sit met daardie velsiekte, velprobleem, glo jy die Here sal jou gesond maak? Jy glo? Goed, jy kan jou genesing kry.

253 Die dame volgende daar, het 'n, nog een oorkant jou, tweede, het ook 'n velsiekte, dis reg. Nou, as jy glo dat ek God se profeet is, sit jou hand op die vrou tussen julle, sy het diabetes, sit jou hand op haar, en julle kan almal gesond wees.

254 Glo julle? Wat het hulle aangeraak? Hulle het die Hoëpriester aangeraak, nie vir my nie. Ek ken hulle nie, het hulle nog nooit in my lewe gesien nie. Hê geloof in God. Sien? Glo net. Wie dit ook al was wat Hy geroep het, waar dit ook al was . . .

255 Julle sê: "Hoe word dit gedoen, Broer Branham?"

256 Ek hou net daardie Lig dop, waarnatoe Hy gaan, en die Lig staan bo iemand, dit breek, en ek hou die visioen dop, wat gebeur.

257 Jesus het gesê: "Ek doen niks totdat die Vader My eers wys, wat om te doen nie." Is dit reg? Johannes 5. Hy het in 'n visioen gesien wat om te doen, of Hy het iets verkeerd gesê. "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen, behalwe wat Hy die Vader *sien* doen nie." Toe het hulle Hom 'n fortuinverteller genoem, die Gees van God. Wat is 'n fortuinverteller? 'n Verdraaide gees, die duiwel. Fortuinvertellers preek nie die Evangelie, en roep tot bekering, en bid vir die siekes, ensovoorts nie. Dis julle geloof in God. Hy's 'n lewende God. Wees net eerbiedig.

258 Iemand, asseblief . . . Ek bly 'n jonger vrou in jou sien, maar ek weet nie waar sy is nie, bly weggaan.

Wees nou eerbiedig.

259 Ver agter aan die agterkant, ek kan julle nie sê hoeveel . . . waar dit is nie. Dis 'n man, wat net hier sit, die Lig is reg bokant hom, hy het 'n—'n galblaasprobleem, hy bid daarvoor, ver agter op die punt. Hy bid, ook, vir sy skoonpa, wat kreupel is. Glo jy, meneer? Steek jou hande op, as jy glo. Is dit die waarheid? Wuif jou hande soos *hierdie*. Het jy nie 'n gebedskaartjie nie? Nee. Goed. Gaan huis toe en vind dit soos jy dit geglo het, in die Naam van die Here Jesus.

260 Wat het hy aangeraak? Wat het hy gedoen? Vra hom. Hy het gebid, en God het hom gehoor. As dit reg is, meneer, wuif jou hand. Die man daaragter wat pas genees is, wuif jou hand as dit

reg is, as jy gebid het. Sien? Maak nie saak waar jy is nie, hê geloof in God.

²⁶¹ Glo jy dat ek Sy dienskneg is? Jy's bewus, suster, dat iets aangaan. Om in die teenwoordigheid van 'n man te staan sou jou nie so laat voel nie. Omdat jy 'n Christen is, en hierdie Heilige Gees is so na aan jou, want jou hele gesig en jou wese word verlig vir my, Dit beweeg. Sien, ek is God se dienskneg, jy is God se dienskneg, en God het my 'n gawe gegee om Sy liefde aan jou uit te druk deur 'n voltooid werk wat Hy vir jou gedoen het. Sien? Jy's 'n Christen, ek bedoel 'n wedergebore Christen. Goed.

²⁶² Jy ly aan 'n uiterste senuwee toestand. Jy raak senuweeagtig in jou gemoed, en jou ergste tyd is in die aand, jy word baie swak, en gaan sit, jy haat dit om die son te sien ondergaan, en strepe te maak in die lug, ek sien jy verberg soort van jou gesig daarvan. En die, Satan het jou vertel, jy gaan jou verstand daarvoor verloor; hy's 'n leuenaar. Jy's in die Teenwoordigheid van Christus.

²⁶³ Hier is nog iets, dis jy wat glo dat ek Sy profeet is, wat jy weet, of, Sy dienskneg. . . Daardie naam laat mense struikel, ek's nie Sy profeet nie, ek's net 'n man. Sien? Maar jy ly, ook, aan pyorrhea van die tandvleis, dis SO SPREEK DIE HERE. En jy wil hê ek moet ook bid, waaroor net voor gebid het dat jy oorgewig is. Dis reg. En jy het 'n groot versoek op jou hart, en 'n lojale versoek, jy wil 'n moeder wees, om 'n baba in jou arms te omhels, dis SO SPREEK DIE HERE. Gaan en ontvang dit, ek seën jou, my suster, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Hê geloof in God, moenie twyfel nie.

²⁶⁴ Ek ken jou nie, dame. God ken jou wel, maar glo jy dat ek Sy dienskneg is? Net 'n oomblik.

²⁶⁵ Jy het vroueprobleme en nierprobleme, jy het daar gesit en bid vir die laaste paar minute. Dis die vrou wat ek 'n rukkie gelede gesien het. En jy moet gaan vir 'n operasie daarvoor, maar jy het geweier om dit te hê, omdat jy gebid het voor jy na die diens toe gekom het, en gesê het: "Here God, laat my in daardie ry kom, en ek sal genees word." As dit reg is, steek jou hande op na God. Goed. Gaan huis toe en word gesond, jou geloof het jou gesond gemaak.

²⁶⁶ Glo jy dat ek Sy dienskneg is? Ek ken jou nie, God ken jou wel. Maar as Hy aan my sal openbaar waarvoor jy hier is, wat jou probleem is, sal jy dit aanvaar?

²⁶⁷ Dis oraloor die gebou, wees almal baie eerbiedig. Hê geloof, moenie twyfel nie.

²⁶⁸ Hier gaan Dit: Die vroutjie wat net daar op die punt sit, wat ly aan senuweeagtigheid, wat in haar hart bid: "God, laat hy my roep!" dis reg, dame, met jou sakdoek op, as dit is wat jy gebid het, wuif jou hand soos *hierdie*. Hy het jou gebed gehoor, die

dametjie met die wit kraag aan, SO SPREEK DIE HERE, gaan huis toe, jou geloof het jou gesond gemaak.

269 Ek daag julle geloof uit, enige plek, om dit te glo!

270 Jy's hier vir iemand anders, wat 'n kind is, dis jou kleinkind, en jou kleinkind is nie hier nie, dis in 'n ander staat, Georgia. En hy het een of ander soort uitslag, wat die kind het, en het iets verkeerd met die spiere, dis 'n velsiekte en 'n spiere. Dis reg. En hier, dat jy mag weet dat ek God se profeet is: Jy maak gereed om binnekort na die sendingvelde toe te gaan, dis SO SPREEK DIE HERE. Gaan, en God gaan met jou, en glo met jou hele hart, en ontvang waarvoor jy gevra het.

Glo jy?

271 Kom nou gelowig. Daardie rugprobleem het jou wat daar sit, verlaat, terwyl daar gesit het, suster, gaan net op jou pad, die niere en dinge, gaan net op jou pad, senuweeagtigheid, jy's in elk geval genees. Gaan glo God.

272 Die hartprobleem het jou verlaat terwyl jy hier gestaan het. Gaan op jou pad en juig en sê: "Dankie, Here." Jy's alreeds genees. Goed.

273 Kom hier, dame. Jy's senuweeagtig, daardeur het dit veroorsaak dat jy 'n maagprobleem het, 'n peptiese toestand, jy kan nie reg eet nie, suur op jou maag, kry suur op jou tande. Dis reg. Ek sien jou van die tafel af weggaan, koffie wat jou ontstel, of enigiets soos daardie wat 'n suur daarin het. Gaan huis toe en eet, Jesus Christus maak jou gesond. Glo, jou hele hart.

Kom.

274 Net 'n oomblik. Iets het gebeur. Wees—wees eerbiedig. Wat dink jy, meneer? Glo jy? Hierdie man wat daar sit, jy was diep in gebed oor iets, en jy het geglo. Ek ken jou nie, sover ek weet, het ek jou nog nooit in my lewe gesien nie, maar God ken jou. As God vir my sal sê waaroor jy bid, sal jy glo dat ek Sy profeet is, of, Sy dienskneg? Jy het spatare, jy wil hê God moet hulle genees. As dit reg is, staan op jou voete.

275 Nou, sal jy iets vir my doen, as 'n broer, sal jy na my luister as God se profeet? Hou op rook, God sal jou genees. Sal jy dit doen? Steek jou hand op, belowe Hom jy sal. Gaan sit dan. Gaan, word genees.

276 Jou hartprobleem is weg terwyl jy hier gestaan het. Gaan op jou pad, juig, en sê: "Dankie, Here."

277 Hou hierdie gehoor hier dop, ek wil jou wys. 'n Groot persentasie van hierdie gehoor ly aan dieselfde ding waaraan jy ly, senuweetoestand, jy val net uitmekaar, jy kan jouself nie beheer nie. Dis reg. God is werklik, is Hy nie?

278 Kyk hier: Almal wat senuwees het, gepla is met senuweeprobleme, staan op julle voete, net 'n oomblik, oral. Hoe

kan jy ooit hulle almal roep, en elkeen van hulle wat dit glo? Kyk net daar. Staan hier net 'n oomblik. Staan net op jou voete net 'n oomblik, ek wil vir julle iets van God wys.

279 Ek sien jy probeer afklim van iets af, dis 'n trap, trap na eenkant toe, artritis. Dis reg.

280 Almal wat gepla word deur artritis op enige manier, staan op julle voete.

281 Jy het 'n damesprobleem, jy het dit vir 'n lang tyd gehad, dis 'n ovarium, abses, jy het 'n dreineringsdaarvan; daar's baie van daardie daarbuite in die gehoor.

282 Kyk: Elke vrou wat ly aan damesprobleme, staan op julle voete. Staan net *hier* oorkant net 'n oomblik.

283 Senuweeagtigheid, omtrent gereed vir 'n ineenstorting. Staan net hier vir 'n oomblik, die senuweeagtige mense is alreeds op hulle voete.

284 O genade, hier's 'n swart skaduwee, kanker. Glo jy God sal jou genees? [Die suster sê: "Ek weet Hy kan."—Red.] Jy weet, dis reg, moeder.

285 Staan op, almal wat gepla is met kanker, staan op julle voete, enige plek.

286 Nou raak hulle my aan aan die agterkant, ek weet dit beteken dat ek gereed is om te val, julle sien. So, net 'n oomblik.

287 God ken elkeen van julle. Ek was net so eerlik met julle, as wat ek weet hoe om te wees. Het ek genade in julle oë gevind? Glo julle dat ek die waarheid vertel, God dit ondersteun as die waarheid? As 'n man enigiets sê, kan dit een ding wees, maar as God nie spreek dat dit die waarheid is nie, is dit nie die waarheid nie; maar as Hy spreek dit is die waarheid, glo julle God dan. Is dit reg?

288 Nou, doen julle wat ek vir julle sê om te doen, doen net wat ek vir julle sê. As elke siek persoon hierbinne. . . Sien? Kyk, ek kan nie al daardie roep nie, daar's te veel van hulle, glo elkeen van julle. En luister, elkeen van julle is genees as julle dit net nou sal glo, genesing is iets wat Jesus vir julle gedoen het, negentienhonderd jaar gelede.

289 Wat van julle in die stoele, die polio, en goed, en—en. . .? Maar moenie—moenie—moenie dink julle is nie. . . julle kan nie genees word nie. Hê net nou geloof. Ek kan julle nie genees nie, maar julle lewe, kan julle nie wegsteek nie. Glo God, net nou, elkeen van julle, en staan op julle voete, glo God, en aanvaar julle genesing, en God sal elkeen van julle gesond maak. As julle dit glo, staan op, aanvaar dit, steek julle hande op, sê: "Dankie, Here, vir my genesing." Hier is dit, die Heilige Gees wat oor die gebou beweeg.

²⁹⁰ In Jesus Christus' Naam, vra ek die duiwel om die gebou te verlaat!

²⁹¹ En elke persoon in Goddelike Teenwoordigheid mag volkome gesond gemaak word deur die wonde en die krag van die Here Jesus! 

58-0625 Meer As Salomo Is Hier
Southern Pines Hoërskool
Southern Pines, Noord-Carolina V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. Box 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org